BET-EL BYBEL INSTITUUT

PROSPEKTUS 2024

Hierdie prospektus bestaan uit die volgende afdelings:

Afdeling A – Algemene Inligting

Afdeling B – Gereelde Vrae

Afdeling C – Inligting m.b.t Studieprogramme (Vlak A)

Afdeling D – Inligting m.b.t Studieprogramme (Vlak AA)

Afdeling E - Inligting m.b.t Studieprogramme (Vlak BB)

Afdeling F - Inligting m.b.t Studieprogramme (Vlak E)



AFDELING A:
ALGEMENE INLIGTING

BET-EL BYBEL INSTITUUT

Bet-El Bybel Instituut is ‘n divisie van LEDISA Academy (Pty) Ltd en is ‘n geregistreerde maatskappy kragtens Suid-Afrikaanse wetgewing (Reg. 2013/216905/07). Hierdie divisie is gestig in 1997 as ‘n affiliaat van Lewens Dinamika Instituut en is sedert 2013 ingelyf by LEDISA Academy (Pty) Ltd. Sedert die ontstaan van die Instituut is die visie “Dissipelskap deur Ontwikkeling” en is ons doel om lae-koste teologiese opleiding te verskaf via die Internet as media, maar ook deur middel van korrespondensie met en sonder mentorskapsprogramme op ‘n nasionale en internasionale vlak. Ons verskaf dan ook Bybelstudiemateriaal en leierskapskursusse as deel van ons dienste aan individue, kerke, gemeenskappe en verskeie organisasies wat ‘n behoefte daarvoor het.

Bet-El Bybel Instituut het ontstaan in 1997 as Bet-El Bybelskool en het in 2006 ‘n gedaanteverwisseling ondergaan en staan sedertdien bekend as Bet-El Bybel Instituut. Die rede daarvoor was die feit dat ons meer gevorderde programme begin aanbied het om voorsiening te maak vir lidmate wat hulself wil verryk en bemagtig om beter toegerus te wees in hul plaaslike kerke/gemeentes, maar om ook voorsiening te maak vir diegene wat hulself wil bekwaam as leraars en herders en eie bedieninge wil vestig. Tot 2009 is slegs studieprogramme deur korrespondensie aangebied, maar vanaf 2010 is studieprogramme meer funksioneel en daar is voorsiening gemaak vir studies deur afstandsonderrig onder mentorskap van 'n dosent of geestelike leier wat studente begelei op 'n akademiese sowel as geestelike pad. Vanaf 2011 word ook enkele opsionele werkswinkels aangebied. Die inhoude van hierdie werkswinkels, hoewel dit gemik is op plaaslike gemeentes in Suid- Afrika, is so gekies dat dit fokus op studiemateriaal vir verskeie vlakke en spesialiteitsrigtings van studie.

Sedert Januarie 2020 word kursusse bygevoeg soos akkrediteer deur SAQA (South African Qualifications Authority) en goedgekeur deur QCTO (Quality Council for Trade & Occupations) soos voorgeskryf deur Suid Afrikaanse wetgewing. Dit beteken dat wat betref ons teologiese studies aan predikante, pastore en leraars (Vlak AA & E) ons volwaardig meeding en aanbied wat deur Suid-Afrikaanse en internasionale universiteite aangebied word. Dit beteken ook dat enige teologiese studies wat voltooi word op Vlak E, deur alle universiteite en kerke erken moet word as geakkrediteerde studies, hetsy as volwaardige krediete en/of herkenning van vorige studies. As goedgekeurde, geregistreerde Opleidingsinstituut by COMENSA (Coaches & Mentors South Africa), word ons Vlak BB studieprogram ook nou onder die vaandel van COMENSA, asook AACC & ICCA toegeken. (Sien Akkreditasie hieronder).

Bet-El Bybel Instituut is 'n Interkerklike, Christelike Opvoedkundige Inrigting (dus nie gekoppel aan enige kerkverband nie) wat hoë kwaliteit, praktiese opleiding verskaf teen 'n minimale koste. Sertifikaat-, Diploma- en Voorgraadse kursusse word deur kontakopleiding, sowel korrespondensie asook onder mentorskap deur middel van afstandsonderrig aangebied. Ons is bereid om hande te vat met alle gelowiges wat wedergebore is en onvoorwaardelik God se Woord aanvaar as Sy wil. (Sien ons Geloofsbeginsels hieronder)

‘N NUWE TIPE AKADEMIESE OMGEWING

By Bet-El Bybel Instituut vind u ‘n nuwe en totaal verskillende akademiese omgewing as die tradisionele. Studente word uitgedaag om betrokke te raak op verskeie vlakke van studentwees by ‘n virtuele kampus sowel as deur verskillende maniere van kommunikasie en korrespondensie. In sommige gevalle bied ons mentorskapklasse aan om studente by te staan in die bestuur van hulle akademiese programme. As deel van ons virtuele kampus kommunikeer ons ook met studente deur middel van aanlynmetodes bv. Internet lesings, E-Pos boodskappe, kennisgewingborde en gespreksforums. Dit benodig interaksie tussen studente, studiementors, dosente en administratiewe personeel. Ons is nie 'n instansie soortgelyk aan die Universiteit van Suid-Afrika wat afstandsonderrig verskaf nie, maar die aanwysing van studiementors en die gebruik van tutors is 'n integrale deel van die meeste van ons studieprogramme. Ons maak gebruik van die volgende studiemetodes:

Studiesentrum

Studente wat registreer vir sekere studieprogramme, ontvang toegang tot ons volledig toegeruste Studiesentrum. Studiemateriaal word in hierdie geval per datastafie (*flash drive*) na registrasie aan studente versend. Hier word 'n begeleide studieprogram aan studente verskaf en in skere gevalle bykomende studiemateriaal, ingesluit lesings deur dosente, beskikbaar gestel. Die Studiesentrum is ook die ruimte waar studente kan kommunikeer met mentors, dosente en selfs mede-studente, werkopdragte word hier ingehandig en eksamens word voltooi in ons Studiesentrum (waar van toepassing). Studente ontvang direk na registrasie 'n gebruikersnaam en sleutelwoord wat hul toegang tot die Studiesentrum sal gee. Alle kommunikasie aan studente vind plaas op verskeie kennisgewingborde wat beskikbaar is vir administratiewe en akademiese aangeleenthede en studente kan enige akademiese aangeleenthede daar kommunikeer vir doeltreffende en funksionele opvolg en aksie.

Ten einde die leerervaring van studente so aangenaam, persoonlik en effektief as moontlik te maak, word studente ingedeel in leergroepe wat nie 10 studente in getal oorskry nie. Op daardie manier verseker ons dat studente effektief met mekaar kan kommunikeer indien daardie behoefte ontstaan en kommunikasie tussen dosente en studente vind meer gereeld plaas.

Werskwinkels/Mentorskapsklasse

Werkswinkels in sekere kursusse is van toepassing. Hierdie werkswinkels word vanaf Januarie 2021 in Afrikaans en Engels aangebied deur middel van “*Webinare*”. Hierdie webinare is aanlyn besprekingsklasse, eerder as lesings, wat daarop gemik is om onsekerhede aan te spreek en studiemateriaal opsommend toe te lig met verduidelikings. Die hoeveelheid webinare per kursus (waar van toepassing), sal egter nie vier per jaar oorskry nie, word altyd in die aande aangebied as studente nie werksverpligtinge het nie, en kan op deur middel van selfoontegnologie bygewoon word indien studente nie oor rekenaars beskik nie. In alle gevalle is bywoning van hierdie webinare opsioneel, buiten studies vir Vlakke AA, BB en E waar dit verpligtend is. Die inhoud van die werkswinkels is egter so gekies dat alle ingeskrewe studente baat sal vind daarby en met gerief daarby kan inskakel. Alle onderwerpe is relevant tot een of ander studieprogram wat ons aanbied. Die koste van hierdie werkswinkels word so laag as moontlik gehou sodat die maksimum mense daarby kan baat vind. Die fokus is nie om fondse te verdien nie, maar om die bediening uit te brei en dissipels vir Christus te maak.

Studente vind ook baat by hierdie tegnologie, aangesien hulle ook die geleentheid kry om teen 'n minimale koste in te skakel op die Web Seminaar. In die gerief van u eie huis kan u net registreer vir 'n spesifieke Web Seminaar, u ontvang 'n aantekenkode en webadres per E-Pos en op die geskeduleerde tyd open u die webwerf wat aan u gegee is en u skakel in en kan selfs deelneem deur vrae te stel aan die aanbieder. Die skerm wat ons gebruik in ons klankateljee word op u eie skerm gesien en u kan so die hele aanbieding elektronies ervaar.

Formale Studieprogram

Studente kan inskakel by 'n formele studieprogram by 'n Leersentrum wat registreer is by Bet-El Bybel Instituut en wat weekliks bymekaarkom in 'n lokale sentrum. Hierdie program word dan fasiliteer deur 'n Afstandsmentor of -leier op plaaslike vlak. Studente moet egter daarop let dat sulke Leersentrums slegs in enkele geografiese gebiede beskikbaar is en hoofsaaklik onder leiding van ‘n plaaslike gemeente.

Persoonlike Mentorskap/Studiementor

Van tyd tot tyd gebeur dit dat studente vrae het wat persoonlike aandag vereis. Sulke persoonlike gesprekke is beskikbaar deur die gebruik van Skype. Ons beoog egter om gedurende 2021 hierdie tipe aanlyn-ontmoetings oor te plaas na Zoom of ‘n soortgelyke platform wat moontlik meer funksioneel is. Elke student het 'n persoonlike mentor wat beskikbaar is vir die student (uitgesluit in die geval waar afstandsmentors vereis word). Hierdie beskikbaarheid strek verder as akademiese aangeleenthede en die geestelike groei van ons studente is van groot belang vir ons. Pastorale sorg is dan ook een van die wyses waarop ons verantwoordelikheid aanvaar om toe te sien dat ons studente gelukkig en vredevol begelei word op hul pad.

Selfstudie

Alle vakeenhede en studieprogramme is so ontwerp dat studente dit op hul eie sal kan baasraak. Baie studente verkies eerder om self op hul gemak en in hul eie tyd te studeer. Met al die hulp en maniere van interaksie waarvoor ons voorsiening maak, kan studente gemaklik hul eie studieprogram volg.

Afstandsmentors

Sommige studieprogramme (veral waar praktiese werk ter sprake is) vereis dat studente 'n afstandsmentor moet kies en aanwys wat woonagtig is in die area waar die student woonagtig is. Hierdie mentor skeduleer 'n kontaksessie ten minste een keer per maand waarna 'n verslag ingehandig word deur hom/haar. Praktiese werk vind dan ook plaas onder mentorskap van hierdie persoon. In die geval waar afstandsmentors nie vereis word nie, word 'n studiementor aangewys deur die Instituut en hierdie studiementor sal op gereelde basis met die studente skakel deur middel van verskeie wyses van kommunikasie.

Groepstudie

Studente is ook welkom om as groep bymekaar te kom om lesings en studiemateriaal te bespreek. Feitlik alle studie-eenhede word vergesel van 'n aantal uitkomste en/of vrae asook doelwitte vir die vakeenhede. Dus kan studente in 'n groep maklik begelei word deur net die aanwysings te volg wat deel is van die studiemateriaal.

AKKREDITASIE

Tot en met 2019, was Bet-El Bybel Instituut akkrediteer by die WWAC (World-Wide Accreditation Commission of Christian Educational Institutions). Na publikasie van nuwe wetgewing deur die Suid-Afrikaanse owerhede, is hierdie akkreditasie egter gestaak en is ons tans as volg akkrediteer en/of registreer as lede-maatskappy:

Onder die vaandel van LEDISA Academy (Pty) Ltd, is Bet-El as divisie registreer by SAQA (South African Qualifications Authority). Ons studieprogramme in Vlakke AA en E is volwaardige, teologiese opleidingsprogramme wat goedgekeur is deur die QCTO (Quality Council for Trades & Occupations), registrasie nommer 101571 wat bekend staan as opleiding vir Christelike, Godsdienstige Praktisyns (Minister of Religion). Vlak E is 'n volledige beroepskwalifikasie wat insluit teoretiese, praktiese en beroepsopleiding, waar Vlak AA deel-kwalifikasies is wat aanleiding gee tot vol krediete vir Vlak E studies. Meer inligting oor ons Studieprogramme hieronder.

As opleidingsinstansie akkrediteer deur SAQA, is ons onderhewig aan gereelde ouditbesoeke van die opleidingsowerhede en is ons kwaliteitsbeheer-sisteme goedgekeur deur SAQA. Ons is verder akkrediteer en goedgekeur deur verskeie SETA's, waaronder ETDP SETA, SERVICES SETA, TETA & HWSETA.

Hierdie kwaliteitsbeheervereistes sluit in:
1. Die visie, missie en doelstellings van die opvoedkundige inrigting.
2. Beplanning en prosedures in gebruik.
3. Organisatoriese en bestuurskwaliteite.
4. Studieprogramme en opvoeding.
5. Fakulteite en/of departemente.
6. Studentedienste.
7. Bronne, hetsy virtueel of fisies.
8. Finansiele verantwoordelikheid.
9. Deursigtigheid.
10. Integriteit.
11. Christelike waardes.

Registrasie by die Departement van Hoër Onderwys is ook tans in proses, wat ons toelating sal verleen tot die aanbied van NQF Vlak 7 kwalifikasies, 'n verdere doelwit.

Ander akkreditasies en registrasies sluit die volgende in:
- COMENSA (Coaches & Mentors South Africa, 'n professionele liggaam waaronder ons huidige Vlak BB studies resorteer).
- AACC (American Association for Christian Counseling.
- ICCA (International Christian Coaching Association), waaronder ons Christelike Lewensafrigtingsprogramme resorteer.
- ACRP (Association of Christian Religious Professionals), 'n professionale liggaam wat optree as waghond vir teologiese studies in Suid-Afrika, en wat in 2019 aangestel is as "Assessment Quality Partner" van SAQA.

METODE VAN EKSAMINERING

Die feit dat daar verskillende geakkrediteerde, kredietdraende kursusse, asook nie-kredietdraende kursusse aangebied word, vereis verskillende evaluasiemetodes en eksamineringsvereistes. Sien afdelings B tot G hieronder vir meer besonderhede oor die eksamineringsvereistes van afsonderlike studieprogramme.

GELOOFSBEGINSELS

Die volgende is die pilare van ons geloof - ononderhandelbare beginsels:

God
- Ons glo in een God, almagtig, alwetend, alomteenwoordig, die Skepper en van hemel en aarde en van alle sienlike en onsienlike dinge - die eerste Persoon van die Drie-Eenheid, Vader Seun en Heilige Gees
- Ons glo dat God die Skepper ook alles onderhou en bewaar, en dat Hy ons so liefhet dat Hy Sy Seun Jesus Christus gegee het vir ons. Deur Jesus Christus kan ons as Sy kinders Hom nou Vader noem.

Jesus Christus
- Ons glo in Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, wat gekom het sodat ons lewe in oorvloed kan hê.
- Ons glo dat Jesus Christus volkome God en volkome mens is, Seun van God die Vader in die Drie-Eenheid, en dat Hy na die wêreld deur God gestuur as Middelaar, en gebore uit die maagd Maria.
- Ons glo dat Hy sondeloos geleef het en dat Hy gesterf het aan die kruis sodat ons die ewige lewe kan hê deur die genade van God.
- Ons glo dat Hy uit die dood opgewek is, dat Hy leef en heers, dat Hy die mag van sonde verbreek het, en weer gaan terugkom om regverdig te oordeel en om Sy kinders te kom haal.

Die Heilige Gees
- Ons glo in die Heilige Gees (as die derde Persoon van die Drie-Eenheid) wat gestuur is deur God om ons as Sy kinders te bemoedig, te bekragtig en te lei.
- Ons glo dat die Heilige Gees saam met ons getuig dat ons kinders van God is, dat die ou dinge verby gegaan het en dat ons nuwe mense in Christus is.

Die Bybel
- Ons glo dat die Bybel, soos vervat in die Ou en Nuwe Testamente, die enigste, onfeilbare Woord van God is.
- Ons glo dat die Bybel die volkome en voldoende openbaring van God is oor hoe mense kennis van God kan opdoen, deur Hom gered word en ‘n geesvervulde lewe kan lei.

Die Mens
- Ons glo in die verlorenheid van die mens totdat hy gered word deur God se genade.
- Ons glo dat die mens gered word deur genade as hy glo dat Jesus vir sy sondes gesterf het aan die kruis en Hom aanneem deur bekering.

Die volgende is beginsels wat die inhoud en aanbieding van ons studiemateriaal beïnvloed:

Die Belangrikheid van die Evangelie

- Ons glo dat die Evangelie van Jesus Christus sentraal moet staan in alle kerke en kerklike aktiwiteite. Die Evangelie van Jesus Christus soos ons dit in die Bybel aantref, is die enigste Evangelie van Jesus Christus.

Die gawes van die Gees

- Ons glo dat die Heilige Gees die gelowige toerus met gawes vir dienswerk, en dat hierdie gawes soos gevind in 1 Korintiërs 12:7-11, steeds vandag funksioneer.

Die bediening van die gelowiges

- Ons glo dat elke gelowige, ongeag ras, geslag, kleur of opvoeding, geroep is deur God om deel te vorm van Sy goddelike plan vir die wêreld.
- Ons is almal gelowiges - "voltydse geroepenes" vir die bediening om die Koninkryk van God te vestig en uit te brei deur ons getuienis in woord en daad, selfs al dien ons in 'n sekulêre beroepslewe.

Die eenheid van die Liggaam van Christus

- Ons glo in 'n onskeibare eenheid in die Liggaam van Christus (die kerk).
- Hierdie eenheid kom tot stand en word gebou op die fondament van die Evangelie van Jesus Christus.

ONS LEERMODEL

Buiten ons studieprogramme wat op korrespondensievlak aangebied word, volg Bet-El Bybel Instituut 'n vyf-fase leermodel vir alle studente wat studeer deur afstandsonderrig onder mentorskap. Hierdie vyf fase model behels die volgende:

1. Die student berei voor deur die studiemateriaal deur te lees en notas te maak. (Voorbereiding)
2. Die student luister na die lesing van die dosent en neem deel aan die besprekings. (Onderrig)
3. Die student volg die studieprogram in 'n studieproses. (Feite/Memorisering)
4. Die student versamel inligting ten einde die werkopdrag te voltooi. (Lees, Navorsing)
5. Die werkopdrag word evalueer en 'n eksamen word gedoen. (Praktiese vaardigheid, Evaluasie)

Die evaluasiemetode wat ons gebruik is geskoei op die memoriserings-, navorsings- en evaluasiefases van die leermodel. Die slaagsyfer verskil van studieprogram tot studieprogram en 'n onderskeiding word verdien deur 'n student wat in 'n spesifieke vakeenheid 80% of meer verdien. 'n Kwalifikasie word Cum Laude toegeken indien die student uitstaande werk lewer oor die duur van die studieprogram, 'n gemiddelde van 80% verdien in al die vakeenhede van toepassing, en in nie meer as een vakeenheid minder as 80% verdien nie.

BEGELEIDING VAN STUDENTE

'n Vereiste vir ons by Bet-El Bybel Instituut is dat elke student vrye toegang tot die Dekaan moet hê. Die samestelling van ons studieprogramme is juis so ontwikkel dat hierdie vereiste nagekom kan word. Ten einde hierdie proses te vergemaklik, het ons verskeie hulpmiddels ingebou in ons sisteem. Hierdie middels sluit in:

1. 'n Afstandsmentor of Studiementor wat persoonlik aandag aan elke student kan gee.
2. 'n Dosent wat beskikbaar is deur die Studiesentrum.
3. Die dekaan wat telefonies gekontak kan word.
4. 'n Elektroniese biblioteek wat bystand vergemaklik (in hersieningsfase).
5. 'n Studiesentrum wat dien as die spilpunt waarom enige studieprogram ontwikkel is.
6. Internet bystand deur middel van die webwerf en E-Pos fasiliteite.

ERKENNING VAN VORIGE STUDIES

Een van die vereistes waaraan Bet-El Bybel Instituut moes voldoen het alvorens akkreditasie van SAQA ontvang kon word, was die onderskrywing van die erkenning van vorige studie beginsel. Hierdie erkenning van vorige studies sluit ook in erkenning vir vorige werksondervinding waar dit in lyn is met die uitkomste van die spesifieke studieprogram. Bet-El Bybel Instituut aanvaar die beginsel van erkenning vir vorige studies (RPL) en pas dit toe met inagneming van ons doelwitte en waardes. Vlakke A, AA, B en C studieprogramme is lae koste programme wat studies toeganklik maak vir enige persoon wat wil inskryf en hom/haarself wil bekwaam in die bediening, of alternatiewelik sy/haar vaardighede en kennis wil opgradeer. Geen erkenning van vorige studies is hier van toepassing nie. Vir Vlak E studieprogramme word die beginsel van erkenning van vorige studies toegepas. Hierdie beginsel word toegepas binne ons standaarde en doelwitte. Ons doelwit is om opleiding te verskaf aan diegene wat hulself wil verryk, bemagtig of bekwaam vir 'n bediening. Die woord "bediening" strek egter veel wyer as die woord "teologie". Heelwat studente wat registreer, het hulself bekwaam in die teologie. In die bediening val die fokus egter op teologie sowel as op bedieningsvaardighede. Elke student wat registreer se unieke omstandighede word dus in ag geneem alvorens enige krediete toegestaan word. Somtyds gebeur dit dat alle teologiese vakke erken word, maar ons verwag van studente om 'n oorgangsprogram te voltooi om voorsiening te maak vir vaardighede. So onderskei ons byvoorbeeld tussen "*onvolledige akademiese vorige studies*" en "*onvolledige praktiese vaardigheidstudies*". Binne hierdie onderskeiding is dit natuurlik moontlik vir iemand wat geen teologiese agtergrond of studies voltooi het, om wel erkenning te kry en krediete te ontvang vir praktiese vaardigheidskursusse wat hy/sy voltooi het. Ons het 'n oorbruggingsprogram ontwikkel vir beide hierdie situasies en elke student se situasie sal individueel evalueer word. U kan aansoek doen deur te vermeld watter vorige studies u voltooi het en verskaf by registrasie 'n afskrif van u kwalifikasies van toepassing en ons evalueer u vorige studies in hierdie konteks.

AFDELING B:
GEREELDE VRAE

WATTER STUDIEPROGRAMME WORD AANGEBIED?

Die studieprogramme wat ons aanbied word identifiseer in ooreenstemming met ‘n spesifieke kategorie wat as volg vasgestel en definieer word:

Kategorie	**Beskrywing**	**Definisie**
Vlak A	• Sertifikaat in In-Diepte Bybelstudie *(Certificate of Attendance)* • Sertifikaat in Gebed & Genesing *(Certificate of Attendance)*	Studieprogramme klassifiseer as inleidend met ‘n teikengroep wat insluit lidmate/lede van verskeie denominasies met die doel om hulself beter te bekwaam en in te skakel by ‘n bediening in hul lokale gemeente/ kerk. Die finale punt van uittrede van hierdie studieprogramme is die toekenning van ‘n bywoningsertifikaat en vakeenhede is nie-kredietdraende vakeenhede. Geen eksamen is hier van toepassing nie, maar wel die indiening van werkopdragte. Hierdie programme kan ook vir Bybelstudiedoeleindes voltooi word.
Vlak AA	• Sertifikaat in Bybelinterpretasie *(Certificate of Attendance)* • Sertifikaat in Bedieningsleierskap *(Certificate of Attendance)* • Sertifikaat in Kerkgeskiedenis *(Certificate of Attendance)*	Studieprogramme klassifiseer as inleidend met ‘n teikengroep wat insluit lidmate/lede van verskeie denominasies met die doel om hulself beter te bekwaam met die oog op uiteindelike toetrede tot volwaardige teologiese studies ten einde te dien in ‘n bediening of kerk, as leraar/pastor of predikant. Dit is vergelykbaar met Vlak A studieprogramme, maar ‘n suksesvolle student verwerf krediete vir Vlak E studies. Die finale punt van uittrede van hierdie studieprogramme is die toekenning van ‘n bywoningsertifikaat en vakeenhede is kredietdraende vakeenhede. Eksamen, sowel as werkopdragte is hier van toepassing. Hierdie programme kan ook vir Bybelstudiedoeleindes voltooi word, maar in hierdie geval is geen eksamen van toepassing en geen krediete word toegestaan nie.

Vlak BB *(Vanaf Julie 2019 word geen nuwe registrasies vir Vlak B studie-programme meer aangebied nie)*	• Sertifikaat in Christelike Berading & Lewensafrigting *(Certificate of Competence)*	Studieprogramme, klassifiseer as gevorderd, wat fokus op beroepsopleiding. Hierdie programme het ten doel om 'n kwalifikasie te verskaf wat lei tot die opening van 'n onafhanklike praktyk en/of die klassifisering as lewensafrigter, wat die dissipline van berading byvoeg as verdere spesialisasie. Suksesvolle studente verwerf 'n kwalifikasie met onmiddelike toegang tot 'n beroepskeuse, sonder om noodwendig te vorder tot graadvlak. Hierdie studieprogramme is gemik op diegene wat 'n passie het om ander behulpsaam te wees in 'n beradingskonteks en/of die bereiking van lewenspotentiaal, hetsy as deel van 'n formele bediening, of as 'n eie beroepskeuse. Studente word begelei deur mentorskap gedurende die studieprogram. Eksamen, sowel as werkopdragte en praktiese werk is hier van toepassing.
Vlak C *(Vanaf Januarie 2021 word geen nuwe registrasies vir Vlak C studie-programme meer aangebied nie)*	• Sertifikaat in Bybelkunde *(Certificate of Attendance)* • Sertifikaat in Bybelstudies *(Certificate of Attendance)* • Sertifikaat in Missionêre Bediening *(Certificate of Attendance)*	Studieprogramme, klassifiseer as gevorderd, wat fokus op teologiese kennis en/of missionêre werk as loopbaankeuse. Hierdie programme het ten doel om 'n kwalifikasie te verskaf wat lei tot aansluiting by sendingorganisasies of die funksionering as sendeling op internasionale vlak. Die finale punt van uittrede van hierdie studieprogramme is die toekenning van 'n bywoningsertifikaat en vakeenhede is nie-kredietdraende vakeenhede. Eksamen asook die indiening van werkopdragte is hier van toepassing, maar praktiese werk is nie 'n vereiste nie. Studieprogramme word aangebied as selfstudie en studente word neem deel aan afstandsonderrig sonder mentorskap.
Vlak E	• Beroepsertifikaat in Bedieningspraktyk (Minister of Religion) *(Certificate of Competence)*	Hierdie studieprogram klassifiseer as gevorderd, met 'n teikengroep wat insluit diegene van verskeie denominasies wat hulself wil bekwaam met die oog op toetrede tot die bediening as leraar/pastor of predikant. Diegene wat tans in 'n bediening staan maar oor geen formele, teologiese kwalifikasie

		beskik, word ook gesien as deel van die teikengroep. Suksesvolle studente verwerf ‘n geakkrediteerde kwalifikasie wat insluit 237 SAQA krediete wat gebruik kan word vir verdere studie. Die kwalifikasie word onder mentorskap aangebied. Eksamens, sowel as werkopdragte is hier van toepassing, en praktiese werk word ook as vereiste gestel.

Voornemende studente moet daarop let dat die verskillende kategorieë van studie definieer word deur die teikengroep wat dit bedien. Daar hoef dus nie registreer te word bv. vir Vlak A voordat voortbeweeg word nie. Voornemende studente kan registreer vir enige van hierdie vlakke, afhangende van hul motivering van registrasie en studie.

HOE WERK DIE REGISTRASIEPROSES?

Die studieprogramme wat ons aanbied word identifiseer in ooreenstemming met ‘n spesifieke kategorie wat as volg vasgestel en definieer word:

- Na registrasie ontvang voornemende studente 'n E-Pos boodskap waar van elke student verwag om die registrasie te bevestig.
- Daarna volg 'n tweede E-Pos boodskap gestuur waar 'n studentenommer uitgereik word aan studente wat registrasie bevestig het.
- 'n Elektroniese faktuur word hierna uitgestuur en teen betaling en na bevestiging deur die bank van ten minste die eerste premie, word die studiemateriaal onmiddellik verwerk en versend waar van toepassing. ‘n Aantekenkode en sleutelwoord word dan ook per E-Pos beskikbaar gestel om die student toegang tot die Studiesentrum te gee, in die geval van studieprogramme waar toegang tot die Studiesentrum vereis en verskaf word. *(Studente wat gedurende Desember en Januarie registeer moet daarop let dat die akademiese jaar eers gedurende die vierde week van Januarie in aanvang neem en sal hul studiemateriaal eers gedurende die laaste twee weke van Januarie ontvang)*.
- In die geval waar studente aansoek doen vir krediete, word daar 'n E-Pos na evaluasie versend aan die betrokke student wat hom/haar in kennis stel van die formele proses vir aansoek vir “Erkenning van Vorige Studie”. Die bevestiging sal vergesel word van voorlopige faktuur wat die betaling van ‘n aansoekfooi bevat. Na inhandiging van die volledige aansoekvorm en betaling, sal ‘n formele assessering plaasvind vir “*Erkenning van Vorige Studie*”. By goedkeuring is die finale bedrag betaalbaar, waarna die formele studieprogram en -vereistes met die voornemende student individueel bevestig word.
- Alle versendings van studiemateriaal (waar van toepassing) word gedoen binne sewe werksdae nadat die bevestiging van die betaling gedoen is, maar in die meeste gevalle binne 96 uur na bevestiging van betaling. ‘n Begeleidingsbrief met noodsaaaklike inligting sal u studiemateriaal vergesel.
- Nadat studente registreer het is die studiesentrum deur ons administratiewe afdeling, sal die aantekenkode en sleutelwoord wat verskaf is in hierdie begeleidingsbrief alle studente toegang gee tot die spesifieke studieprogram van

keuse. Alle verdere studiemateriaal, instruksies en dokumentasie van belang sal hier aan studente deurgegee word.

- In die geval waar studente nie die volle bedrag by registrasie betaal nie, maar gebruik maak van afbetalingsopsies, word die studiemateriaal beskikbaar gestel, maar gewoonlik in fases. Die keuse vir die beskikbaarstelling van die studiemateriaal berus by die Instituut. Studente wat die volledige bedrag betaal na registrasie, ontvang alle studiemateriaal na betaling. In gevalle waar studiemateriaal in fases beskikbaar gestel word, word die vouers beskerm deur sleutelwoorde. Die student wat die afbetalingsopsie verkies, ontvang slegs die sleutelwoorde van aanvanklike Modules, en op ‘n later stadium, na ooreengekome betaling, word die sleutelwoorde van die ander Modules vrygestel per E-Pos.

IN WATTER FORMAAT IS DIE STUDIEMATERIAAL BESKIKBAAR?

Alle studiemateriaal word aan studente beskikbaar gestel in elektroniese formaat, onderhewig aan die datum van publikasie soos gemeld in die verskillende afdelings van hierdie Prospektus. Hierdie materiaal is gewoonlik nie beskikbaar vir aflaai in die studiesentrum nie, maar word aan studente gestuur per spoedpos of koerier op ‘n datastafie. Heelwat studieprogramme is begeleide programme en studente het dus geen keuse as om die studiemateriaal op hierdie manier te bekom nie. Die meeste studente verkies ook studiemateriaal op datastafie omrede die hoeveelheid data (MB) wat publiseer word, lywig is. Die verdere voordeel vir studente wat studiemateriaal per datastafie ontvang, is dat studente ongeveer 20 tot 25 gratis sagteware programme wat vir studiedoeleindes gebruik kan word van ons ontvang. Dit sluit o.a twee volledige Engels verklarende woordeboeke, "*Mindmap*" programme en woordverwerkers, sigbladlesers, pdf leser en drukkersprogramme asook persoonlike organisasie programme soos 'n elektroniese dagboek, weekbeplanner en nog vele meer in. Nadat die registrasieproses voltooi is, sal elke student oor 'n aantekenkode en sleutelwoord beskik om die studiesentrum te aktiveer. Die studiebriewe wat u begelei, sal hier beskikbaar wees aan studente in die toepaslike vakeenhede waarvoor hulle registreer het. Studente moet daarop let dat in die geval van selfstudieprogramme (Vlakke A en C), geen toegang tot die studiesentrum tans ontvang word nie. Elektroniese studiebriewe, voorgeskrewe studiegidse en elektroniese lesings word beskikbaar gestel en aan alle studente wat registreer vir hierdie programme per datastafie gestuur. Vlak A programme vereis ook geen eksamen nie, en studente wat registreer vir hierdie programme handig slegs werkopdragte in en indien suksesvol, die spesifieke sertifikaat.

Die keuse vir die beskikbaarstelling van die material berus egter by die Instituut en veral in die geval van nuwe studieprogramme, mag alle material bv. elektronies in die studiemateriaal in die Studiesentrum beskikbaar gestel word.

In die geval waar datastafies aan studente versend word, is daar 'n koste-effek en studente word aanbeveel om die spesifieke koste van elke studieprogram te bestudeer deur te verseker dat hul begroot vir die spesifieke formaat waarin hulle die studiemateriaal ontvang.

HOE FUNKSIONEER DIE STUDIESENTRUM?

Ingeskrewe studente in die studieprogramme van toepassing ontvang toegang tot die studiesentrum. In die geval van studieprogramme wat deur korrespondensie aangebied word (Vlakke A en C), word alle studiemateriaal en studiebriewe per datastafie versend en studente benodig nie die studiesentrum nie. In die geval van afstandsonderrig deur mentorskap (Vlakke AA, BB en E) word 'n studieprogram publiseer in die vorm van vakeenhede wat deur die dosent behandel word. Elke vakeenheid wat deel vorm van 'n studieprogram het 'n aantal onderafdelings. Sulke onderafdelings sluit bv. in studiebriewe wat van tyd tot tyd deurgegee word, aanlyn lesings wat 'n klankdokument bevat, studiegidse, werkopdragte, werkboeke, ens. Alle studente verkry ook in die studiesentrum toegang tot 'n fasiliteit waar hul die werkopdragte wat reeds voltooi is kan oplaai sodat die korrespondensie tussen dosent en student meer funksioneel en vinniger kan geskied. Dit bevat ook verder kennisgewingborde vir elke vakeenheid asook 'n besprekingsforum wat beskikbaar is aan alle studente wat sekere aangeleenthede hanteer en bespreek m.b.t vakeenhede van toepassing.

Studente wat registreer vir vlakke A en C moet daarop let dat die studieproses (wyse van studie) tans in hersiening is en dat ons beoog om gedurende 2021 ook hierdie studente toegang tot die Studiesentrum te gee.

IS DAAR GRATIS STUDIEMATERIAAL BESKIKBAAR?

In die meeste gevalle sluit die koste van die studieprogram waarvoor elke student registeer alle verpligte studiemateriaal in. Slegs in die geval van Vlak BB studies word daar van studente verwag om sekere voorgeskrewe boeke aan te koop. Enkele van hierdie boeke word deur ons elektronies as "*Readers*" teen verlaagde pryse beskikbaar gestel. Hierdie handboeke word egter so gekies deur die Instituut dat die inhoud daarvan gebruik kan word en relevant is vir die studieprogram in sy geheel, asook vir gebruik binne beroepsverband. Die handboeke sal altyd gebruik kan word in enige beroepsrigting en bedieningsgebied wat deur studente gekies word. Die koste van die handboeke asook die beskikbaarheid daarvan word ook in ag geneem by die keuse daarvan. Ons wil egter noem dat handboeke slegs in hierdie een vlak van studie 'n vereiste is. Studente moet die inligting wat in hierdie prospektus gegee word rakende die studieprogramme bestudeer ten opsigte van die vereistes van die spesifieke studieprogram. In ons boekwinkel word daar egter vir elke studieprogram sekere aanbevole werke voorgeskryf wat aangekoop kan word. Die aankoop daarvan is nie verpligtend nie, maar ons verwag van studente om by die voltooiing van werkopdragte wyer te lees as slegs die voorgeskrewe materiaal wat gratis verskaf word. Die benutting van hierdie werke is egter nie verpligtend nie en die studieprogram kan gemaklik suksesvol voltooi word sonder die gebruik van hierdie bronne. Dit bly egter die student se keuse of hy/sy hierdie bronne wil bekom. Ons beveel dit egter aan, maar soos reeds genoem is dit nie verpligtend nie. Daar word ook vir elke vakeenheid gratis boeke en artikels beskikbaar gestel in ons E-Biblioteek, asook op u datastafie wat versend word. Hierdie studiemateriaal kan ook gratis afgelaai word deur studente en kan ook gebruik word as addisionele bronne by die voltooiing van werkopdragte.

Die E-Biblioteek is egter tans in herbeplanningsfase, maar alle ingeskrewe studente sal as deel van hul voorgeskrewe materiaal op die datastafie, 'n hele aantal gratis aanbevole boeke ontvang.

HOE MOET EK TE WERK GAAN OM DIE STUDIEMATERIAAL AF TE LAAI?

Studente ontvang na voltooiing van die registrasieproses toegang tot die studiesentrum met 'n aantekenkode en sleutelwoord wat per E-Pos verskaf word. Alle voorgeskrewe boeke en lesings word egter aan studente beskikbaar gestel op die datastafie en nie in die Studiesentrum nie. In die studiesentrum ontvang die student slegs ‘n aantal studiebriewe met instruksies oor hoe om die materiaal hanteer moet word asook studiebriewe met instruksies rakende die studieproses. Die studiemateriaal wat beskikbaar gestel word op die datastafie, is beskermende inligting wat oopgesluit word met 'n afsonderlike sleutelwoord en aantekenkode. Hierdie kodes word aan alle studente beskikbaar gestel in die studiesentrum, reg aan die begin van die sillabus. 'n Aanlyn kennisgewingbord is ook vir elke studieprogram beskikbaar in die studiesentrum indien studente enige vrae het en ons administratiewe sentrum is bereikbaar per E-Pos of telefonies om studente by te staan. Telefoniese bystand word egter net in uitsonderlike gevalle hanteer en is slegs beskikbaar vanaf 1 Februarie 2021 na die opening van die akademiese jaar.

HOE WERK DIE EKSAMENPROSEDURE?

Verskillende studieprogramme vereis verskillende evaluasiemetodes en eksamineringsvereistes. In die geval van Vlakke BB en C, kan alle eksamens aanlyn voltooi word in die eksamensentrum wat in die studiesentrum aktiveer kan word. Dus beweeg die student na 'n aanlyn eksamensentrum op die Internet waar die eksamenvraestel gepubliseer is en aktiveer kan word met 'n gebruikerskode en sleutelwoord wat aan die student beskikbaar gestel is, of in die geval van 'n oopboek eksamen aan die student gestuur word. Die vraestel word dan aanlyn voltooi en ingestuur deur die druk van 'n knoppie. Inligting met betrekking tot die vereistes en prosedure van elke eksamen word in die studiesentrum publiseer vir studente sodat hulle maklik en met 'n geruste hart deur die studiemateriaal kan werk sonder dat die eksamen enige bedreiging vir hulle behoort in te hou.

In die geval van Vlakke AA en E studieprogramme word die finale eksamen gedoen onder toesig van u afstandsmentor in die geografiese gebied waar u woonagtig is. Dit word dan aangestuur na die Instituut waar ‘n SAQA Gekonstitueerde Assessor & Moderator u antwoord sal nasien en ‘n Sertifikaat uitgereik word aan suksesvolle studente deur die Quality Council of Trades and Occupations.

VERTEL MY MEER OOR DIE WERKOPDRAGTE EN EVALUERING?

Soos in die geval van die eksamenprosedures en -vereistes, vereis verskillende studieprogramme verskillende evaluasiemetodes en vereistes m.b.t werkopdragte. Alle werkopdragte word verskaf in die studiesentrum per studieprogram en per vakeenheid. Die werkopdrag word voltooi op die student se rekenaar en word dan bloot ingestuur deur die spesifieke werkopdrag aan te heg in die ruimte daarvoor aangebring in die Studiesentrum.

WAAR KAN EK GOEIE BYBELSTUDIESAGTEWARE KRY?

Daar is verskeie goeie sagtewareprogramme in die handel beskikbaar wat studente kan gebruik. Studente kan navraag doen by enige goeie Christelike Boekwinkel wat gewoonlik sulke programmatuur op die rak beskikbaar het. Alle ingeskrewe studente ontvang egter gratis Bybelstudiesagteware wat ons aanbeveel om gebruik te word in u studieprogram. Hierdie sagteware kan gratis afgelaai word in ons elektroniese biblioteek deur alle ingeskrewe studente. Daar is ook 'n volledige handleiding beskikbaar wat studente begelei oor die wyse waarop hierdie sagteware so effektief moontlik benut kan word.

Studente wat die studiemateriaal per datastafie ontvang, ontvang ook ongeveer 20 gratis sagteware programme wat vir studiedoeleindes gebruik kan word. Geen student hoef enige sagteware aan te koop nie en hierdie ongeveer 20 programme is meer as voldoende om enige studietaak met sukses af te handel.

Ons beveel ook aan dat alle studente die elektroniese gratis sagtewareprogram E-Sword sal aflaai. E-Sword verskaf ‘n hele aantal gratis teologiese kommentare, Bybels en woordeboeke wat benut kan word deur studente.

WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN STUDIES DEUR KORRESPONDENSIE EN STUDIES DEUR AFSTANDSONDERRIG?

Studies deur korrespondensie is van toepassing op studieprogramme waarvan die studiemateriaal aan die student versend word en die studiemateriaal word dan deurgewerk deur die student in sy/haar eie tyd. (Vlakke A & C). Daar is in hierdie geval geen voorgeskrewe tye vir die indiening van werkopdragte nie, maar daar is gewoonlik 'n tydsbeperking gestel vir die suksesvolle voltooiing van die studieprogram, bv. in die geval van die Sertifikaat in In-Diepte Bybelstudie sal dit 48 maande wees. Die student besluit gewoonlik in hierdie geval self wanneer hy gereed is vir die voltooiing van 'n werkopdrag. Alhoewel eksamenblokke jaarliks gedurende Julie en November plaasvind, is daar geen eksamenvereiste in Vlak A studies nie, maar wel in die geval van Vlak C. Geen afstandsmentor of studiementor word aangewys vir die student in hierdie geval nie, maar daar is te alle tye 'n lid van ons akademiese personeel beskikbaar vir die hantering van vrae en/of probleme. Hierdie studente het nie toegang tot die studiesentrum tans nie en alle materiaal word per datastafie aan studente gestuur. Ons is egter tans in proses om die studieproses van Vlakke A & C studies te evalueer en beoog om alle ingeskrewe studente van hierdie Vlakke gedurende 2021 ook toegang tot die Studiesentrum te gee.

Studies deur afstandsonderrig (Vlakke AA, BB & E) volg die pad van 'n begeleide studieprogram. Die studiemateriaal is in eenhede opgedeel en die student word oor 'n tydperk begelei om geleidelik deur die materiaal te werk. Studente bepaal egter self hul tempo van studies en ons begelei slegs die akademiese werk en nie die tydsbestuur nie. Waar studente egter agter raak, kan hulle inhaal sonder om penaliseer te word of noodwendig hulself uit die program te diskwalifiseer. Heelwat lesings word ook as klankdokumente beskikbaar gestel en studente bekom dit op die datastafie en werk dan daardeur in die gerief van hulle eie huise. Vir hierdie studente word 'n afstandsmentor met die student se inset plaaslik identifiseer of alternatiewelik 'n studiementor deur ons wat saam met 'n dosent verantwoordelik is vir die begeleiding van studente (slegs in die geval van eerstejaar-studies). 'n Afstandsmentor is 'n persoon wat oor die kwalifikasies beskik en in die geografiese

gebied van die student woonagtig is en op 'n persoonlike vlak bystand kan verleen. 'n Studiementor is 'n persoon wat oor die kwalifikasies beskik maar nie in die student se onmiddellike omgewing woon nie en wat verantwoordelik is vir die begeleiding van die student.

Studente moet daarop let dat wat betref Vlak E studies, die studiemateriaal moontlik as ‘n pakket beskikbaar gestel kan word en nie noodwendig per datastafie nie. In hierdie geval sal die Studiesentrum nie ten volle gebruik word gedurende 2021 nie, maar wel vanaf Januarie 2022. Gedeeltelike studie-eenhede word egter tans hanteer in die Studiesentrum.

Alle studente in Vlakke AA, BB en E sal as verdere vereiste ‘n aantal Webinare moet bywoon gedurende aandsessies. Ons poog om hierdie Webinare tans te beperk tot ‘n maksimum van vier per studieprogram, uitgesluit Vlak BB waar die vereiste ongeveer dubbel is teen een per maand.

KAN EK BY BET-EL BYBEL INSTITUUT AANSOEK DOEN VIR ‘N POS?

Bet-El Bybel Instituut maak gebruik van vrywilligers op 'n nasionale sowel as internasionale basis. Van tyd tot tyd word poste adverteer vir dosente, studiementors, vertalers, programmatuurontwikkelaars, administratiewe personeel en vele ander poste. Ons moedig ons studente ook aan om as deel van hulle bediening betrokke te raak by Bet-El Bybel Instituut. Deel van ons droom is dan ook om studente wat 'n spesifieke kursus voltooi, aan te stel as studiementor vir 'n aantal studente wat ingeskryf is vir 'n kursus wat reeds deur die spesifieke student voltooi is. Volledige opleiding en begeleiding word beskikbaar gestel aan diegene wat betrokke raak op hierdie vlak. Op die hoofblad van Bet-El Bybel Instituut is daar 'n skakel aangebring wat lees "Werwing". Alle poste en inligting word hier adverteer soos en wanneer beskikbaar gestel word. Ons moedig u aan om hierdie sleutel gereeld te aktiveer en aan ons 'n E-Pos te stuur deur middel van ons Kontakvorm indien u navrae het daaroor.

HOE LANK SAL MY STUDIES NEEM OM TE VOLTOOI?

In die geval van alle studieprogramme deur korrespondensie, verskaf Bet-El Bybel Instituut nie aan studente 'n voorafuitgewerkte rooster of skedule waarby hulle moet hou ten einde hulle studies te voltooi nie. Ons besef dat elke student se tyd en omstandighede uniek is. Die meeste studente is voltydse werknemers en/of werkgewers en dus verplig ons ook nie studente om by 'n gegewe studierooster te hou nie. Elke student bepaal dus hul eie tempo van studie en werk hul eie studierooster uit, na gelang van hul omstandighede. Ons gebruik egter die volgende as riglyn:

- Alle Vlak A & C studieprogramme behoort gemaklik deur deeltydse studente oor ‘n tydperk van 12 maande voltooi te word. Ten minste een werkopdrag per kwartaal is ‘n absolute vereiste. Die studieprogram moet voltooi word binne 12 maande na registrasie.

In die geval van studieprogramme deur afstandsonderrig word studente begelei deur die publisering van lesings op gegewe tye in die studiesentrum. Die studieprogram is versprei oor 'n tydperk wat gemaklik deur studente hanteer sal kan word sonder

druk. Intervalle is ook ingebou in die studieprogramme vir studente wat as gevolg van omstandighede agter raak en graag weer op datum wil kom. Kennisgewings m.b.t die vereistes en datums vir werkopdragte en eksamens word vroegtydig beskikbaar gestel (in die meeste gevalle al aan die begin van die akademiese jaar).

In albei bogenoemde gevalle word daar egter 'n tydsbeperking gestel vir die voltooiing van die studieprogram. Ons gebruik egter kriteria wat studente in staat stel om gemaklik deur die studiemateriaal te beweeg en aan die vereistes te voldoen met in agneming van die unieke omstandighede van deeltydse studente soos genoem in Paragraaf 1 hierbo. Ons gebruik die volgende as riglyn:

- Alle Vlak AA Studieprogramme behoort gemaklik deur deeltydse studente oor ‘n tydperk van 12 maande voltooi te word. Ten minste een werkopdrag per kwartaal is ‘n absolute vereiste. Die studieprogram moet voltooi word binne 12 maande na registrasie.
- Alle Vlak BB Studieprogramme behoort gemaklik deur deeltydse studente oor ‘n tydperk van 18 maande per Fase voltooi te word. Die praktiese modules is hierby ingesluit. Ten minste een werkopdrag per kwartaal is ‘n absolute vereiste. Die studieprogram moet voltooi word binne 18 maande na registrasie per individuele fase, dus 36 maande na registrasie vir die volle Sertifikaatkursus.
- Alle Vlak E Studieprogramme behoort gemaklik deur deeltydse studente oor ‘n tydperk van 36 maande voltooi te word. Die praktiese modues is hierby ingesluit. Ten minste een werkopdrag per kwartaal is ‘n absolute vereiste. In uitsonderlike gevalle kan studente om uitstel aansoek doen. Die maksimum tydperk vir voltooiing van die studieprogram is 48 maande, op die voorwaarde dat die teoretiese modules nie langer as 36 maande in beslag neem nie.

Indien studente nie aan hierdie riglyne kan voldoen nie, word 'n skrywe aan ons gerig en ons gee uitstel sonder benadeling van die student, met inagneming van die student se unieke omstandighede. Herregistrasiefooi en koste vir studiemateriaal wat gewysig is, asook assesseringsfooie en moderatorsfooie soos voorgeskryf deur SAQA mag moontlik gehef word in hierdie geval.

Ons verwag egter van studente om erns te maak met hul studies en die program waarvoor hul registreer te voltooi. Dus verskaf ons sekere riglyne aan studente wat hul in ag moet neem wanneer hul die studierooster uitwerk. Hierdie riglyne gee aan u die basis sodat u self die tydperk kan bepaal vir die voltooiing van die spesifieke kwalifikasie. Deur hierdie riglyne te benut, kan studente ook bepaal hoeveel tyd hul aan hul studies per dag, week of maand behoort te spandeer.

Die riglyne is die volgende:

- Vir alle Sertifikaatprogramme beveel ons aan dat studente die studieprogram versprei oor 'n tydperk van een kalenderjaar. Die volume van materiaal asook vereistes wat gestel word is van so aard dat dit 'n deeltydse student met gemak 'n kalenderjaar sal neem om te voltooi.
- Vir die meeste studieprogramme beveel ons die volgende riglyne aan om studente behulpsaam te wees in die uitwerk van 'n formele studieprogram.
    - Voltydse studente behoort 'n minimum van 35-40 ure per week te studeer.
    - Deeltydse studente behoort 'n gemiddeld van 10-16 ure per week tot hul beskikking te hê.
- Hierdie formule kan nou van toepassing gemaak word op alle studieprogramme deur beskikbare tyd van die student, die totale krediete van die spesifieke program en die inhoud van die studieprogram in ag te neem.

- Indien studente hierdie formule as riglyn gebruik, kan hul enige tyd na ontvangs van die studiemateriaal met inagneming van die moeilikheidsgraad bepaal of hul dit vinniger kan voltooi.

IS DAAR 'N TYDSBEPERKING VIR DIE VOLTOOIING VAN MY STUDIES?

Sien die paragraaf "*Hoe lank sal my studies neem om te voltooi*" hierbo.

KRITERIA VIR EVALUASIE VAN WERKOPDRAGTE

Werkopdragte ingehandig deur studente sal aan die hand van die volgende kriteria evalueer word:

- Bybelse Perspektief
  - Aanbieding vanuit 'n Bybelse perspektief
  - Voldoende skrifbewyse en Bybelse verwysings
  - Interpretasie van Bybelse teks waar gebruik
  - Inhoud motiveer deur Bybelse bewysplasings
- Inhoud
  - Weergee van studiemateriaal
  - Identifisering van kernvraagstukke
  - Voldoende navorsing oor onderwerp
  - Kritiese analisering en assesering van bronmateriaal
  - Logiese argumentvoering
  - Interaksie tussen bronne / materiaal gebruik
  - In-diepte navorsing indien dit verwag word m.b.t die vlak van studie
- Bedieningstoepassing
  - Skakeling tussen teorie en praktyk
  - Toepassing van bedieningskwessies op die konteks
  - Refleksie en toepassing op geestelike lewe en diens
- Organisasie/Styl/Formaat
  - Aanbiedingsformaat (bv. paragrawe, titels, numering, spasiëring, ens.
  - Organisasie (bv. lengte van opdrag, inleiding, samevatting, oorbrugging tussen afdelings, ens.)
  - Verwysings en Bibliografie (bv. styl, akkuraatheid, ens.)
  - Effektiewe uitdrukking en kommunikasie (bv. styl, taalvaardigheid, duidelikheid, ens.)
  - Spelling en gramatika
- Akkuraatheid
  - Is die werkopdrag uitgevoer wat korrekte interpretasie en inhoud betref?
  - Is die antwoord korrek?

AFDELING C:
INLIGTING M.B.T STUDIEPROGRAMME (VLAK A)

SERTIFIKAAT IN GEBED & GENESING

Hierdie studieprogram is gemik op diegene wat in die lokale kerk meer kennis en insig in die bediening wil verkry, veral met betrekking tot gebed, intersessie en 'n genesingsbediening. Belangrike fokuspunte is effektiewe gebed, intersessie, emosionele transformasie, genesing, geloof en die leiding van die Heilige Gees met betrekking tot die aspekte van gebed en genesing.

Die **Sertifikaat in Gebed & Genesing** bestaan uit twee hoofvakke en drie byvakke en behels die volgende vyf vakeenhede:

Hoofvakke:

Gebed & Intersessie (Vakeenheid SGG-GB101)
'n Inleiding tot Gebed & Intersessie
Motivering om te bid
Vorme & Metodes van Gebed
Effektiewe Gebed
Geestelike bronne vir Intersessie
Hoe om Intersessie te beoefen
Struikelblokke teen effektiewe gebed
Die modelgebed van Jesus

Genesing (Vakeenheid SGG-GN101)
Die volkome mens - gees, siel & liggaam
Die geestelike oorlog
Bybelse basis vir genesing, doel van genesing en gawes van genesing
Uitdagings vir genesing en onbeantwoorde vrae
Strategie vir 'n genesingsbediening
Voorkomende en genesende maatreëls teen siekte

Byvakke:

Geloof (Vakeenheid SGL-GN101)
Redes waarom ons geloof verkondig
Wat is geloof?
Geloof-bouers
Dwaasheid, verwaandheid of geloof?
Die grade van geloof
Die proses van geloof

Die Leiding van die Heilige Gees (Vakeenheid SGG-HG101)
Die gees van die mens
Die innerlike getuienis
Die innerlike stem
Die stem van die Heilige Gees

Wyses van leiding
Die oefening van jou geesmens

Bybelse EK - 'n Oorsig oor Emosionele Transformasie (Vakeenheid SGG-BE101)
EK is *emosionele intelligensie* - die vermoë om met volwasse emosionele wysheid om te gaan en te alle tye verhoudingsgerig te funksioneer. Bybelse EK is die Christelike wyse en bekwaamheid waarop emosies bestuur word en is 'n sleutelkenmerk in die Christelike lewenswyse en noodsaaklik vir elke Christen wat God effektief dien. Ons behandel hier Christus as model vir emosionele transformasie en hoe die Heilige Gees 'n gelowige kan help na emosionele volwassenheid.

SERTIFIKAAT IN IN-DIEPTE BYBELSTUDIE

Hierdie studieprogram stel studente voor aan goeie Bybelstudie metodes. Studente word ook geleer om hierdie Bybelstudiemetodes toe te pas op 'n wye verskeidenheid Christen kwessies. Belangrike fokuspunte is kreatiewe Bybelstudiemetodes, 'n oorsig oor die Ou en Nuwe Testamente, hoe ons God se stem duidelik kan ken en hoor en die leiding van die Heilige Gees in hierdie proses.

Die **Sertifikaat in In-Diepte Bybelstudie** bestaan uit twee hoofvakke en drie byvakke behels die volgende vyf vakeenhede:

Hoofvakke:

Kreatiewe Bybelstudiemetodes (Vakeenheid SBS-KB101)
Die gebruik van E-Sword om die Bybel te bestudeer
'n Oorsig oor Bybelstudie & daaglikse stiltetyd
Bybelstudie - 'n Verantwoordelike Benadering
'n Oorsig oor die Bybel
Die gaping tussen die Bybel en vandag
Interpretasie van die Bybel
Voorbereiding vir Bybelstudie
Verskillende metodes van Bybelstudie

Ken God se Stem (Vakeenheid SBS-GD101)
Die verhouding tussen God se wil & Sy stem
Die belangrikheid van God se wil
Hoe maak God Sy wil bekend?
God se wil in situasies wat nie duidelik in die Bybel is nie
Metodes van besluitneming
Hoe om verkeerde keuses reg te stel
Die stadiums van openbaring

Byvakke:

Die Leiding van die Heilige Gees (Vakeenheid SBS-HG101)
Die gees van die mens
Die innerlike getuienis
Die innerlike stem
Die stem van die Heilige Gees
Wyses van leiding
Die oefening van jou geesmens

Ou & Nuwe Testamentiese Oorsig (Vakeenhede SBS-OT101 & SBS-NT101)
'n Inleidende Oorsig oor die Bybel: Ontstaan, tydvakke, verhouding tussen dele, tema, teologie)
'n Oorsig oor die verskillende Literatuursoorte en Boeke
'n Oorsig oor elke boek: Skrywer, ontstaan, kernverse, tema, struktuur, doel, toepassing

---

MEER INLIGTING OOR VLAK A STUDIEPROGRAMME

Oorsig

Hierdie studieprogramme is almal lae koste programme waarvoor 'n voornemende student kan registreer en in sy/haar eie tyd kan voltooi. Daar is geen begeleide studieprogram wat studente dwing om 'n sekere aantal werk binne 'n spesifieke tydperk te voltooi nie, buiten die regulasie vir die voltooiing van die studieprogram binne 12 maande, soos hierbo spesifiseer. Daar is egter 'n aantal werkopdragte wat voltooi moet word, maar studente wat hierdie programme suksesvol wil voltooi hoef slegs die werkpdragte te slaag en geen eksamen is van toepassing nie. Hierdie studieprogramme het ten doel om die basiese konsepte van Christenskap te behandel en fokus op spesifieke studieterreine. Die studieprogramme kan egter ook slegs vir **Bybelstudiedoeleindes** geneem word. Indien dit die geval is, ontvang u al die studiemateriaal en werk (soos in die geval van sertifikaatdoeleindes) op u eie tyd deur die materiaal. Geen werkopdragte of finale voltooidatum is egter in hierdie geval van toepassing nie. Studente mag vir Bybelstudiedoeleindes registreer vir die studieprogram in geheel en/of losstaande eenhede. In die geval waar studente vir Bybelstudiedoeleindes registreer, hetsy in geheel of as losstaande eenhede, en wel die werkopdragte binne die tydsbestek inhandig, word ‘n brief van voltooiing uitgereik wat erkenning sal verskaf in die geval van toekomstige registrasie vir die Sertifikaatprogram. Toekomstige registrasie word oorweeg indien die student aansoek doen vir vrystelling en by nakoming van die spesifieke vereistes vir registrasie vir Sertifikaatdoeleindes.

Studente wat registreer vir hierdie studieprogramme vir Sertifikaatdoeleindes moet ‘n werkopdrag in elkeen van die vyf studie-eenhede tot bevrediging voltooi ten einde te kwalifiseer vir die sertifikaat. By suksesvolle voltooiing van werkopdragte, word die sertifikaat toegeken en geen skriftelike eksamen is van toepassing nie. Werkopdragte behels in die meeste gevalle 'n 4 500 woord (7 bladsye) werkstuk wat deur die dosent gemerk sal word, maar kan verskil na gelang van die spesifieke vakeenheid.

Alle voorgeskrewe boeke, studiegidse en artikels vir hierdie sertifikaatprogramme is ingesluit by die koste van die kursus en is beskikbaar aan studente. Daar is egter addisionele aanbevole werke beskikbaar in die aanlyn boekwinkel en dit word sterk aanbeveel dat studente dit aanskaf. Dis egter geen vereiste vir registrasie en/of suksesvolle voltooiing van hierdie studieprogramme nie.

Duur van Studie

Die studiemateteriaal is so saamgestel dat afsonderlike gedeeltes van die materiaal gemaklik hanteer kan word in verskillende Bybelstudietydsgrepe. Die studieprogram behoort gemaklik deur deeltydse studente voltooi te kan word in ses maande, maar studente hoef aan geen voorgeskrewe tye te voldoen vir werkopdragte nie. Daar is

'n maksimum periode van 12 maande vasgestel vir die suksesvolle voltooiing van hierdie studieprogram, onderhewig aan ten minste die indiening van een werkopdrag per akademiese kwartaal.

Krediete

Studente wat die Sertifikaat in In-Diepte Bybelstudie of die Sertifikaat in Gebed & Genesing voltooi, verkry erkenning vir studie deur die uitreiking van ‘n Sertifikaat van Bywoning, maar geen SAQA krediete word toegeken nie, hoofsaaklik omrede hierdie lae-koste, nie kredietdraende, kort kursusse is. Hierdie erkenning kan egter aangewend word vir verdere studie indien verkies.

TOELATINGSVEREISTES VIR VLAK A STUDIEPROGRAMME

Die minimum toelatingsvereistes vir registrasie in hierdie kursusse en/of vakeenhede is die volgende:

- Graad 10
- 'n Liefde vir God en Sy Woord
- 'n Onderneming om erns te maak met u studies
- 'n Verbintenis om die kursus/vakeenheid te voltooi waarvoor u registreer
- Die besit van 'n Bybel

Alhoewel Graad 12 nie 'n vereiste is nie, beveel ons aan dat u ten minste oor 'n basiese lees- en skryfvaardigheid m.b.t Afrikaans en Engels sal beskik. Die onderrigmedium is Afrikaans, maar werkopdragte en eksamens kan in die taal van u keuse voltooi word. Daar is egter sekere vakeenhede wat Engelse studiemateriaal het. Ons is egter tans in proses om studiemateriaal in Afrikaans te vertaal en beskikbaar te stel. Enkele klankbane en dokumente is alreeds in Afrikaans beskikbaar vir kursusse waarvan die studiemateriaal slegs Engels is, maar die meeste lesings wat aan studente gebied word is in Engels.

ERKENNING VIR VORIGE STUDIES/KWALIFIKASIES

Met betrekking tot Vlak A Studieprogramme word geen erkenning gegee indien u reeds vorige kwalifikasies in 'n spesifieke studierigting behaal het nie. Die rede daarvoor is dat hierdie kursusse lae-koste kursusse is wat ten doel het om teologiese/persoonlike ontwikkeling/geestelike groei/Bybelkundige studies vir so veel as moontlik mense toeganklik te maak.

KOSTE VAN VLAK A STUDIEPROGRAMME

In die geval van registrasie vir Vlak A studieprogramme, word geen gelde gehef vir aansoek om studies nie. Die koste is minimaal en dek enkele uitgawes wat aangegaan word m.b.t die bestuur van die studieprogram. Die bedrae wat wel gehef word, is absoluut minimaal vir ‘n studieprogram van hierdie omvang en word moontlik gemaak deur borgskappe en gratis dienste van vrywilligers wat betref die voorbereiding van studiemateriaal en die bestuur van die studieprogram. ‘n

Soortgelyke sertifikaatprogram kan by ander instansies selfs soveel as R 7 500.00 per jaar kos.

Die koste van alle Vlak A studieprogramme is as volg:

- **Aansoekfooie:** Gratis
- **Registrasie:** R 125.00
- **Administrasiekoste:** R 455.00 (slegs van toepassing wanneer volle studiekoste nie teen registrasie betaal is nie en studente van afbetalingsopsies gebruik maak)
- **As geheel vir Sertifikaatdoeleindes:** Koste: R 2 550.00 vir alle vakeenhede wat deel uitmaak van die Sertifikaatkursus. Die datastafie met alle studiemateriaal en ongeveer 20 tot 25 gratis sagteware-programme is ingesluit by hierdie koste. Hantering & Versendingskoste vir die versending van die datastafie ter waarde van R 170.00 per versending moet begroot word. Versending van die datastafie vind eers plaas na betaling van die volle studiekoste, of volle deposito waar afbetaling verkies word. Vir studente wat nie die totale bedrag betaal na registrasie nie, sal beperkte sleutelwoorde vir ontsluiting van studiemateriaal beskikbaar gestel word.
- **Uitreik van Sertifikaat na Voltooiing:** R 170.00
- **Totale Koste:** R 2 995 - ingesluit versendingskoste (R 125.00 Registrasie + R2 550.00 Studiekoste + R 150.00 Sertifisering + R 170.00 Versending). 'n Toegewing word onderhewig aan sekere voorwaardes gemaak indien 'n student nie die totale koste by registrasie kan betaal nie. ***Belangrike Nota:*** *Sien in hierdie geval die finansieringsopsie wat hieronder aangedui word.*
- **As geheel vir Bybelstudiedoeleindes:** Koste: R 2 550.00 vir alle vakeenhede wat deel uitmaak van die kursus (uitgesluit versendingskoste). In hierdie geval word slegs die studiemateriaal aan u verskaf en u ontvang geen studiebriewe nie. Geen werkopdragte of eksamen sal van toepassing wees nie. Alle studiemateriaal word ontsluit deur 'n gebruikersnaam en sleutelwoord wat aan u verskaf sal word as deel van die studiepakket. Versendingskoste ten bedrae van R 170.00 moet addisioneel deur die student betaal word.
- **Per alleenstaande vakeenheid:** Koste: R 750.00 per vakeenheid (uitgesluit versendingskoste). In hierdie geval word slegs die studiemateriaal aan u verskaf en u ontvang geen studiebriewe nie. Geen werkopdragte of eksamen sal van toepassing wees nie. Alle studiemateriaal word ontsluit deur 'n gebruikersnaam en sleutelwoord wat aan u verskaf sal word as deel van die studiepakket. Versendingskoste ten bedrae van R 170.00 moet deur die student betaal word.
- **Uitreik en versending van datstafie:** Hanteringskoste asook versending ingesluit by die totale koste hierbo.
- **Uitreik van brief van voltooiing:** Gratis

Opmerkings m.b.t Koste van Vlak A Studieprogramme

Die volgende kostes het betrekking, addisioneel of opsioneel, afhangende van die spesifieke omstandighede van die student.

- **Finansiële Toegewings aan Studente.** Waar studente nie die volle bedrag vir die Studieprogram kan betaal teen registrasie nie, word ‘n voorwaardelike toegewing as volg gemaak:
- Studente mag registreer vir die volle Sertifikaatkursus, alternatiewelik die selfstudieprogram vir Bybelstudiedoeleindes en kan by registrasie 40% (R1380.00) van die totale studiekoste betaal en daarna twee gelyke paaiemente (R 1035.00 elk) van 30%, alternatiewelik twee en drie maande na registrasie op die volgende voorwaardes:
    - Alle studiemateriaal word aan studente versend, maar word beskerm deur sleutelwoorde. Slegs die sleutelwoord van die eerste vakeenheid/module sal na betaling van die aanvanklike deposito van 40% verskaf word. Die

res van die sleutelwoorde sal geleidelik verskaf word soos betaling geskied, en soos versoek deur die student. Die student sal verantwoordelik wees vir die volle vereffening van die uitstaande studiekoste.
    - ‘n Afsonderlike ooreenkoms moet skriftelik aangegaan word tussen die Instituut en die student alvorens so ‘n toegewing gemaak kan word.
    - In die geval waar studente die keuse maak om die studiegeld in paaiemente te betaal, is daar 'n addisionele administrasiefooi van R455.00 betaalbaar. Die totale koste is dus in hierdie geval R 3450.00.
    - Studente is steeds onderhewig aan die regulasies m.b.t die kansellasie en/of staking van studies. In die geval waar studente nog nie die studiekostes ten volle betaal het nie, sal die kostes van die kansellasie en staking van studies soos gemeld hieronder, steeds verskuldig en betaalbaar wees deur die student.
- **Herregistrasie in die geval van druip van vakeenhede**. ‘n Persentasiepunt en simbool ooreenkomstig die evaluasiekriteria vir hierdie kursusse word toegeken vir elke werkopdrag. Minder as 60% vir die werkopdragte impliseer dat ‘n student die vakeenheid druip en dit moet herhaal. Herregistrasie vir hierdie kursus is dan van toepassing en beteken dat ‘n student by enige tweede of verdere registrasie ‘n herregistrasiefooi van R350.00 per vakeenheid moet betaal. Studente hoef egter nie weer die kursusgeld in hierdie geval te betaal nie.
- **Hernasien van Werkopdragte**. Waar studente ‘n versoek vir hernasien van werkopdragte aan die Instituut rig, is ‘n fooi van R200.00 betaalbaar voordat die werkopdrag hernagesien kan word. Die goedkeuring van enige versoek om hernasien berus by die Dekaan.
- **Kansellasie van Studies.** Aansoek om kansellasie van vakeenhede, omruiling van vakeenhede en/of kansellasie van ‘n studieprogram mag gedoen word, met koste, binne twee weke na registrasie, op die voorwaarde dat geen studiemateriaal reeds versend of beskikbaar gestel is nie, en/of geen gebruikerskode en sleutelwoord verskaf is vir toegang tot die Studiesentrum nie. Hierdie regulasie is onderworpe aan die volgende:
    - In gevalle waar ‘n versoek om kansellasie ontvang word binne twee weke na registrasie en na die studiemateriaal reeds versend is of nadat ‘n gebruikerskode en sleutelwoord reeds toegestaan en versend is, sal geen kansellasie van registrasie of studies oorweeg word nie.
    - Indien 'n versoek om omruiling van kursusse goedgekeur word waar die aansoek deur die student binne twee weke na registrasie gedoen is en geen studiemateriaal of toegang tot die Studiesentrum reeds voorsien is nie, sal ‘n kursuswysingingsfooi van 15% van die huidige studiekoste gehef word en daar sal van die student verwag word om die volle koste te betaal van die nuwe vakeenhede/kursusse/ studieprogramme wat hy/sy nou byvoeg of omruil, asook die registrasiefooi van toepassing op die nuwe studieprogram.
    - Indien 'n versoek om kansellasie van studies goedgekeur word waar die aansoek deur die student binne twee weke na registrasie gedoen is en geen studiemateriaal of toegang tot die Studiesentrum is reeds voorsien nie, sal ‘n kansellasiefooi van 15% van die studiekoste gehef betaalbaar wees.
    - By ontvangs van 'n versoek om kansellasie van 'n student na die verstryking van twee weke na registrasie en nadat die studiemateriaal reeds beskikbaar gestel is aan die student deur die verskaffing van 'n aantekenkode en sleutelwoord, sal geen versoek om kansellasie oorweeg word nie en dit sal beskou word as 'n staking van studies. Geen fooie sal

aan studente terugbetaal word in hierdie geval nie, ongeag die rede wat verskaf word.
    - Die oorweging van die aansoek om kansellasie/omruiling van kursusse en die goedkeuring daarvan berus by die Dekaan en sy besluit sal as finaal aanvaar word.
- **Staking van Studies.** Staking van vakeenhede en/of ‘n studieprogram in geheel word nie aanvaar sonder koste nie. Staking van Studies word definieer as die kansellasie of staking van studies sonder skriftelike kennisgewing aan die Instituut, of waar die aansoek om kansellasie afgekeur is deur die Dekaan en die student verkies steeds om sy/haar studieprogram te staak. In hierdie geval is geen stakingsfooi betaalbaar nie, maar studente ontvang geen korting by herregistrasie nie. Studente sal egter steeds verantwoordelik wees vir uitstaande studierekeninge in die geval van staking van studies en geen terugbetalings word gemaak by staking van studies nie. Die staking van studies is ‘n ernstige aangeleentheid vir die Instituut en besluite m.b.t die staking van studies berus by die Dekaan en sal van geval tot geval en met inagneming van die omstandighede op meriete geneem word. Die besluit van die Dekaan sal as finaal aanvaar word.
- **Hereksamens.** Geen eksamens is van toepassing op Vlak A Studieprogramme nie.

Alle Vlak A Studieprogramme is lae-koste studieprogramme wat ten doel het om teologiese en geestelike opvoeding aan soveel mense as moontlik beskikbaar te stel. Die manier waarop die kostestruktuur opgestel is, maak dit moontlik vir studente om erns te maak mt hulle studies en feitlik gratis onderrig te ontvang. Op hierdie manier voldoen ons aan bekosbaarheidsvereistes en studente word aangemoedig om erns te maak met hul studies en ‘n sertifikaat te verwerf, alternatiewelik hulself geestelik te verryk – wat andersins nie moontlik sal wees nie.

KRITERIA VIR SUKSESVOLLE VOLTOOIING VAN VLAK A STUDIEPROGRAMME

Die werkopdragte wat ingehandig word deur studente sal 60% van die totale kursuspunt behels. 'n Finale slaagsyfer vir alle vakeenhede op hierdie vlak van Studie is 60% en geen eksamen is van toepassing nie. Die kriteria wat toegepas word vir die slaag van vakeenhede is as volg:

Slaag	60% - 100%
Druip met begeleiding	Onder 60%
Kansellasie van Studieprogram	Slegs binne twee weke na registrasie en indien geen studiemateriaal of aantekenkode vir die Studiesentrum reeds voorsien is nie of soos goekgekeur deur Dekaan. Sien kansellasiebeleid hierbo.
Staking van Studieprogram	Onvoltooid, met koste

AFDELING D:
INLIGTING M.B.T STUDIEPROGRAMME (VLAK AA)

SERTIFIKAAT IN BYBELINTERPRETASIE

Studente wat registreer vir die Sertifikaat in Bybelinterpretasie verwerf kennis aangaande 'n beter lees en verstaan van die Bybel as God se Woord. Hierdie sertifikaat is n kredietdraende Vlak AA kursus (deel-kwalifikasie) wat bestaan uit een module en twee vakeenhede en vorm deel van Kwalifikasie 101571 onder die QCTO (Quality Council for Trades & Occupations) omgewing, soos aanbeveel en goedgekeur deur SAQA (South African Qualifications Authority). Die kwalifikasie word onder toesig van LEDISA Academy (Pty) Ltd aangebied.

Die **Sertifikaat in Bybelinterpretasie** bestaan uit een Module en twee vakeenheide en behels die volgende:

Modules & Vakeenhede:

Module 263601005-KM-02: Die Bybel & Bybelinterpretasie (30 Krediete)

Vakeenheid KM-02-KT01: Die Bybel as bron vir Christenskap
- KT0101 - Oorsig oor die Bybel.
- KT0102 - Inspirasieleer en outoriteit.
- KT0103 - Bronne en hulpmiddels vir die lees van die Bybel.

Vakeenheid KM-02-KT02: Interpretasie van die Bybel
- KT0201 - Tradisies van Bybelse interpretasie.
- KT0202 - Bybelse interpretasie vir hedendaagse kontekste.
- KT0203 - Skadelike Bybelinterpretasie praktyke.

SERTIFIKAAT IN BEDIENINGSLEIERSKAP

Studente wat registreer vir die Sertifikaat in Bedieningsleierskap verwerf kennis aangaande kerk- en bedieningsleierskap. Hierdie sertifikaat is n kredietdraende Vlak AA kursus (deel-kwalifikasie) wat bestaan uit een module en twee vakeenhede en vorm deel van Kwalifikasie 101571 onder die QCTO (Quality Council for Trades & Occupations) omgewing, soos aanbeveel en goedgekeur deur SAQA (South African Qualifications Authority). Die kwalifikasie word onder toesig van LEDISA Academy (Pty) Ltd aangebied.

Die **Sertifikaat in Bedieningsleierskap** bestaan uit drie Modules en elf vakeenhede en behels die volgende:

Modules & Vakeenhede:

Module 263601005-KM-01: Die Karakter van Geestelike Leiers (6 Krediete)

Vakeenheid KM-01-KT01: Leierskapstake

- KT0101 - Bedieningsdoelwitte.
- Kt0102 - Take & verantwoordelike van bediening

Vakeenheid KM-01-KT02: Geestelike Leierskapsvolwassenheid
- KT0201 - Geestelike, emosionele en sosiale volwassendheid.
- KT0202 - Geestelike dissiplines.

Vakeenheid KM-01-KT03: Etiese Gedrag
- KT0301 - Etiese gedragsbeginsels.
- KT0302 - Verantwoordbaarheid in bediening.
- KT0303 - Skadelike en onetiese bedieningsgedrag.

Vakeenheid KM-01-KT04: Christelike Leierskap
- KT0401 - Dienskneg-gestalte in leierskap.
- KT0402 - Hoop en visionaliteit.
- KT0403 - Analitiese – en probleemoplossingsbeginsels.

Vakeenheid KM-01-KT05: Sinkretisme
- KT0501 - Die beginsels van sinkretisme.
- KT0502 - Integrasie van Christelike lewe binne ‘n spesifieke konteks.

Module 263601005-KM-12: Leierskapsbeginsels & Bedieningbestuur (8 Krediete)

Vakeenheid KM-12-KT01: Strategiese leierskap in die bediening
- KT0101 - Bybelse sienswyse m.b.t leierskap.
- KT0102 - Karaktereienskappe van ‘n diensbare leier.
- KT0103 - Kwaliteite en vaardighede vir Christelike leierskap.
- KT0104 - Mentorskap en dissipelskap.

Vakeenheid KM-12-KT02: Verantwoordbaarheid & Volhoubaarheid
- KT0201 - Verantwoordbaarheid as bate van die ware kerk.
- KT0202 - Sisteme en prosesse van kerkbestuur.
- KT0203 - Die behoete en waarde van ‘n grondwet.
- KT0204 - Besluitneming in groepe.
- KT0205 - Finansiële beplanning en bestuur.
- KT0206 - Beplanning vir volhoubaarheid en groei.

Vakeenheid KM-12-KT03: Bedieningsbeplanning en bestuur
- KT0301 - Belangrikheid van effektiewe beplanning.
- KT0302 - Operasionele beplanning en bestuur.
- KT0303 - Sleutelkonsepte van bestuur in ‘n geloofsgemeenskap.
- KT0304 - Probleemoplossing.
- KT0305 - Menslike hulpbronbestuur.
- KT0306 - Projekbestuur.

Module 263601005-KM-13: Kerkadministrasie & Finansiële Bestuur (6 Krediete)

Vakeenheid KM-13-KT01: Kerkadministrasie en -bestuur
- KT0101 - Lidmaatadministrasie & databestuur.
- KT0102 - Bestuur van personeel.
- KT0103 - Bate- en bestuur van fasiliteite.
- KT0104 - Prosesbestuur.

Vakeenheid KM-13-KT02: Volhoubare Beplanning & -Bestuur
- KT0201 - Bedieningsbeplanning.
- KT0202 - Finansiële beplanning.
- KT0203 - Bestuur van fondse & prosesse.

Vakeenheid KM-13-KT03: Verantwoordbaarheid
- KT0301 - Verantwoordbaarheidsbeginsels.
- KT0302 - Sisteme & prosesse vir ondernemingsbestuur.

SERTIFIKAAT IN KERKGESKIEDENIS

Studente wat registreer vir die Sertifikaat in Kerkgeskiedenis verwerf kennis aangaande die geskiedenis van die Christendom en kerk vanaf Nuwe Testamentiese tye, insluitende die geskiedenis binne 'n Afrika-konteks. Hierdie sertifikaat is n kredietdraende Vlak AA kursus (deel-kwalifikasie) wat bestaan uit een module en twee vakeenhede en vorm deel van Kwalifikasie 101571 onder die QCTO (Quality Council for Trades & Occupations) omgewing, soos aanbeveel en goedgekeur deur SAQA (South African Qualifications Authority). Die kwalifikasie word onder toesig van LEDISA Academy (Pty) Ltd aangebied.

Die **Sertifikaat in Kerkgeskiedenis** bestaan uit een Modules en twee vakeenhede en behels die volgende:

Modules & Vakeenhede:

Module 263601005-KM-05: Kerkgskiedenis (6 Krediete)

Vakeenheid KM-05-KT01: Algemene Kerkgeskiedenis
- KT0101 – Oorsprong en ontwikkeling.
- KT0102 – Kerklike groeperings.

Vakeenheid KM-01-KT02: Afrika Kerkgeskiedenis
- KT0201 – Ontwikkeling van die kerk.
- KT0202 – Missionêre werk in Afrika.
- KT0203 – Hoofgroeperings.

SERTIFIKAAT IN PREDIKING

Studente wat registreer vir die Sertifikaat in Prediking verwerf kennis aangaande die verwerwing van kennis asook die praktiese toepassing van sleutelkonsepte, teorie, beginsels en metodes met betrekking tot die voorbereiding van 'n preek/boodskap. Hierdie sertifikaat is n kredietdraende Vlak AA kursus (deel-kwalifikasie) wat bestaan uit een module en drie vakeenhede en vorm deel van Kwalifikasie 101571 onder die QCTO (Quality Council for Trades & Occupations) omgewing, soos aanbeveel en goedgekeur deur SAQA (South African Qualifications Authority). Die kwalifikasie word onder toesig van LEDISA Academy (Pty) Ltd aangebied.

Die **Sertifikaat in Prediking** bestaan uit een Module en drie vakeenheide en behels die volgende:

Modules & Vakeenhede:

Module 263601005-KM-07: Beginsels van Prediking (8 Krediete)

Vakeenheid KM-07-KT01: Fundamentele Beginsels
- KT0101 – Plek van predking in die bediening.
- KT0102 – Verhouding tussen preek en prediker.
- KT0103 – Die Bybel as primêre bron vir prediking.
- KT0104 – Die relevansie van die konteks vir prediking.
- KT0105 – Beginsels van eksegese en hermeneutiek.

Vakeenheid KM-07-KT02: Predikingvoorbereiding
- KT0201 – Stappe in die voorbereidingsproses.
- KT0202 – Seleksie van teks en tema.

Vakeenheid KM-07-KT03: Preeklewering
- KT0201 – Effektiewe, relevante en stimulerende prediking.
- KT0202 – Predikingstyle.
- KT0203 – Tegniese hulpmiddele.

MEER INLIGTING OOR VLAK AA STUDIEPROGRAMME

Oorsig

Hierdie studieprogramme is almal lae koste programme waarvoor 'n voornemende student kan registreer en onder begeleiding kan voltooi. Daar is geen regulasie wat studente dwing om 'n sekere aantal werk binne 'n spesifieke tydperk te voltooi nie, buiten die regulasie vir die voltooiing van die studieprogram binne 18 maande, soos hierbo spesifiseer. Daar is egter 'n aantal werkopdragte wat voltooi moet word, en studente wat hierdie werkopdragte slaag, verkry toegang tot die eksamen.

Studente wat registreer vir hierdie studieprogramme vir Sertifikaatdoeleindes moet ‘n werkopdrag in elkeen van die studie-eenhede tot bevrediging voltooi ten einde te kwalifiseer vir die eksamen. By suksesvolle voltooiing van die eksamen, word die sertifikaat toegeken. Werkopdragte verskil na gelang van die spesifieke vakeenheid.

Alle voorgeskrewe boeke, studiegidse en artikels vir hierdie sertifikaatprogramme is ingesluit by die koste van die kursus en is beskikbaar aan studente. Daar is egter addisionele aanbevole werke beskikbaar in die aanlyn boekwinkel en dit word sterk aanbeveel dat studente dit aanskaf. Dis egter geen vereiste vir registrasie en/of suksesvolle voltooiing van hierdie studieprogramme nie.

Duur van Studie

Die studiemateteriaal is so saamgestel dat afsonderlike gedeeltes van die materiaal gemaklik hanteer kan word in verskillende Bybelstudietydsgrepe. Die studieprogram behoort gemaklik deur deeltydse studente voltooi te kan word in twaalf maande, maar studente hoef aan geen voorgeskrewe tye te voldoen vir indien van werkopdragte nie, buiten die een regulasie dat ten minste een werkopdrag per

akademiese kwartaal ingehandig moet word. Daar is 'n maksimum periode van 18 maande vasgestel vir die suksesvolle voltooiing van hierdie studieprogram.

Krediete

Studente wat die Sertifikaat in Bybelinterpretasie, Sertifikaat in Bedieningsleierskap, Sertifikaat in Kerkgeskiedenis of die Sertifikaat in Prediking voltooi, verkry SAQA krediete tot die waarde van 30, 20, 6 en 8 Krediete onderskeidelik wat gebruik kan word vir registrasie en benutting vir Vlak E studies. Hierdie krediete kan ook as "Erkenning vir Vorige Studie" gebruik word vir registrasie aan Universiteite en ander Opvoedingsinstansies.

TOELATINGSVEREISTES VIR VLAK AA STUDIEPROGRAMME

Die minimum toelatingsvereistes vir registrasie in hierdie kursusse en/of vakeenhede is die volgende:

- Graad 12, met Engelse Taalvaardigheid as vereiste.
- 'n Liefde vir God en Sy Woord
- 'n Onderneming om erns te maak met u studies
- 'n Verbintenis om die kursus/vakeenheid te voltooi waarvoor u registreer
- Die besit van 'n Bybel

Die onderrigmedium is Afrikaans, maar werkopdragte en eksamens moet egter soos vasgestel deur SAQA in Engels voltooi word. Alle studiematriaal is tans in Engels beskikbaar. Alle studiebriewe en webinare word egter in Afrikaans en Engels aangebied en ons is tans in proses om studiemateriaal waar goedkeuring verkry kan word in Afrikaans te vertaal en beskikbaar te stel.

ERKENNING VIR VORIGE STUDIES/KWALIFIKASIES

Met betrekking tot Vlak AA Studieprogramme word geen erkenning gegee indien u reeds vorige kwalifikasies in 'n spesifieke studierigting behaal het nie. Die rede daarvoor is dat hierdie kursusse lae-koste kursusse is wat ten doel het om teologiese/persoonlike ontwikkeling/geestelike groei/Bybelkundige studies vir so veel as moontlik mense toeganklik te maak.

KOSTE VAN VLAK A STUDIEPROGRAMME

In die geval van registrasie vir Vlak AA studieprogramme, word geen gelde gehef vir aansoek om studies nie. Die koste is minimaal en dek enkele uitgawes wat aangegaan word m.b.t die bestuur van die studieprogram. Die bedrae wat wel gehef word, is absoluut minimaal vir 'n studieprogram van hierdie omvang en word moontlik gemaak deur borgskappe en gratis dienste van vrywilligers wat betref die voorbereiding van studiemateriaal en die bestuur van die studieprogram.
Die koste van alle Vlak AA studieprogramme is as volg:

- **Aansoekfooie:** Gratis
- **Registrasie:** R 110.00

- **Administrasiekoste:** R 525.00 (slegs van toepassing wanneer volle studiekoste nie teen registrasie betaal is nie en studente van afbetalingsopsies gebruik maak)
- **As geheel vir Sertifikaatdoeleindes:** Koste: R 3 040.00 vir alle vakeenhede wat deel uitmaak van die Sertifikaatkursus. Die datastafie met alle studiemateriaal en 20 gratis sagteware-programme is ingesluit by hierdie koste. Posgeld vir die versending van die datastafie ter waarde van R 150.00 per versending moet begroot word. Versending van die datastafie vind eers plaas na betaling van die volle studiekoste, of volle deposito waar afbetaling verkies word. Vir studente wat nie die totale bedrag betaal na registrasie nie, sal beperkte sleutelwoorde vir ontsluiting van studiemateriaal beskikbaar gestel word.
- **Uitreik van Sertifikaat na Voltooiing:** R 120.00
- **Totale Koste:** R 3 450.00 - ingesluit versendingskoste (R 110.00 Registrasie + R3 040.00 Studiekoste + R 120.00 Sertifisering + R 150.00 Versending). 'n Toegewing word onderhewig aan sekere voorwaardes gemaak indien 'n student nie die totale koste by registrasie kan betaal nie. ***Belangrike Nota:*** *Sien in hierdie geval die finansieringsopsie wat hieronder aangedui word.*
- **As geheel vir Bybelstudiedoeleindes:** Hierdie studieprogram is nie beskikbaar vir Bybelstudiedoeleindes nie.
- **Per alleenstaande vakeenheid:** Hierdie studieprogram is nie beskikbaar vir registrasie per vakeenheid nie.
- **Uitreik en versending van datastafie:** Hanteringskoste asook versending ingesluit by die totale koste hierbo.
- **Uitreik van brief van voltooiing:** Nie van Toepassing

Opmerkings m.b.t Koste van Vlak A Studieprogramme

Die volgende kostes het betrekking, addisioneel of opsioneel, afhangende van die spesifieke omstandighede van die student.

- **Finansiële Toegewings aan Studente.** Waar studente nie die volle bedrag vir die Studieprogram kan betaal teen registrasie nie, word ‘n voorwaardelike toegewing as volg gemaak:
- Studente mag registreer vir die volle Sertifikaatkursus en kan by registrasie 40% (R1590.00) van die totale studiekoste betaal en daarna twee gelyke paaiemente (R 1192.50 elk) van 30%, alternatiewelik twee en drie maande na registrasie op die volgende voorwaardes:
    - Alle studiemateriaal word aan studente versend, maar word beskerm deur sleutelwoorde. Slegs die sleutelwoord van die eerste vakeenheid/module sal na betaling van die aanvanklike deposito van 40% verskaf word. Die res van die sleutelwoorde sal geleidelik verskaf word soos betaling geskied, en soos versoek deur die student. Die student sal verantwoordelik wees vir die volle vereffening van die uitstaande studiekoste.
    - ‘n Afsonderlike ooreenkoms moet skriftelik aangegaan word tussen die Instituut en die student alvorens so ‘n toegewing gemaak kan word.
    - In die geval waar studente die keuse maak om die studiegeld in paaiemente te betaal, is daar ‘n addisionele administrasiefooi van R525.00 betaalbaar.
    - Studente is steeds onderhewig aan die regulasies m.b.t die kansellasie en/of staking van studies. In die geval waar studente nog nie die studiekostes ten volle betaal het nie, sal die kostes van die kansellasie en staking van studies soos gemeld hieronder, steeds verskuldig en betaalbaar wees deur die student.
- **Herregistrasie in die geval van druip van vakeenhede**. ‘n Persentasiepunt en simbool ooreenkomstig die evaluasiekriteria vir hierdie kursusse word toegeken

vir elke werkopdrag. Minder as 65% vir die werkopdragte impliseer dat ‘n student die vakeenheid druip en dit moet herhaal. Herregistrasie vir hierdie kursus is dan van toepassing en beteken dat ‘n student by enige tweede of verdere registrasie ‘n herregistrasiefooi van R 750.00 per vakeenheid moet betaal. Studente hoef egter nie weer die volle kursusgeld in hierdie geval te betaal nie.

- **Hernasien van Werkopdragte**. Waar studente ‘n versoek vir hernasien van werkopdragte aan die Instituut rig, is ‘n fooi van R450.00 betaalbaar per werkopdrag voordat die werkopdrag hernagesien kan word. Die goedkeuring van enige versoek om hernasien berus by die Dekaan.
- **Kansellasie van Studies**. Aansoek om kansellasie van vakeenhede, omruiling van vakeenhede en/of kansellasie van ‘n studieprogram mag gedoen word, met koste, binne twee weke na registrasie, op die voorwaarde dat geen studiemateriaal reeds versend of beskikbaar gestel is nie, en/of geen gebruikerskode en sleutelwoord verskaf is vir toegang tot die Studiesentrum nie. Hierdie regulasie is onderworpe aan die volgende:
    - In gevalle waar ‘n versoek om kansellasie ontvang word binne twee weke na registrasie en na die studiemateriaal reeds versend is of nadat ‘n gebruikerskode en sleutelwoord reeds toegestaan en versend is, sal geen kansellasie van registrasie of studies oorweeg word nie.
    - Indien ‘n versoek om omruiling van kursusse goedgekeur word waar die aansoek deur die student binne twee weke na registrasie gedoen is en geen studiemateriaal of toegang tot die Studiesentrum reeds voorsien is nie, sal ‘n kursuswysingingsfooi van 15% van die huidige studiekoste gehef word en daar sal van die student verwag word om die volle koste te betaal van die nuwe vakeenhede/kursusse/ studieprogramme wat hy/sy nou byvoeg of omruil, asook die registrasiefooi van toepassing op die nuwe studieprogram.
    - Indien ‘n versoek om kansellasie van studies goedgekeur word waar die aansoek deur die student binne twee weke na registrasie gedoen is en geen studiemateriaal of toegang tot die Studiesentrum is reeds voorsien nie, sal ‘n kansellasiefooi van 15% van die studiekoste gehef word.
    - By ontvangs van ‘n versoek om kansellasie van ‘n student na die verstryking van twee weke na registrasie en nadat die studiemateriaal reeds beskikbaar gestel is aan die student deur die verskaffing van ‘n aantekenkode en sleutelwoord, sal geen versoek om kansellasie oorweeg word nie en dit sal beskou word as ‘n staking van studies. Geen fooie sal aan studente terugbetaal word in hierdie geval nie, ongeag die rede wat verskaf word.
    - Die oorweging van die aansoek om kansellasie/omruiling van kursusse en die goedkeuring daarvan berus by die Dekaan en sy besluit sal as finaal aanvaar word.
- **Staking van Studies.** Staking van vakeenhede en/of ‘n studieprogram in geheel word nie aanvaar sonder koste nie. Staking van Studies word definieer as die kansellasie of staking van studies sonder skriftelike kennisgewing aan die Instituut, of waar die aansoek om kansellasie afgekeur is deur die Dekaan en die student verkies steeds om sy/haar studieprogram te staak. In hierdie geval is geen stakingsfooi betaalbaar nie, maar studente ontvang geen erkenning by herregistrasie nie. Studente sal egter steeds verantwoordelik wees vir uitstaande studierekeninge in die geval van staking van studies en geen terugbetalings word gemaak by staking van studies nie. Die staking van studies is ‘n ernstige aangeleentheid vir die Instituut en besluite m.b.t die staking van studies berus by die Dekaan en sal van geval tot geval en met inagneming van die omstandighede op meriete geneem word. Die besluit van die Dekaan sal as finaal aanvaar word.

- **Hereksamens.** In die geval van Vlak AA Studieprogramme behou die Instituut die reg voor om aan 'n student 'n hereksamen toe te staan. Hierdie besluit sal geneem word met inagneming van die spesifieke student se deelname en vordering met die kursusmateriaal, die evaluasie van werkopdragte, asook met inagneming van spesifieke omstandighede van die student. 'n Hereksamenfooi van R750.00 sal betaalbaar wees en die besluit m.b.t hereksamen berus by die Dekaan. Die besluit van die Dekaan sal as finaal aanvaar word.

Alle Vlak AA Studieprogramme is lae-koste studieprogramme wat ten doel het om teologiese en geestelike opvoeding aan soveel mense as moontlik beskikbaar te stel. Die manier waarop die kostestruktuur opgestel is, maak dit moontlik vir studente om erns te maak mt hulle studies en feitlik gratis onderrig te ontvang. Op hierdie manier voldoen ons aan bekosbaarheidsvereistes en studente word aangemoedig om erns te maak met hul studies en ‘n sertifikaat te verwerf, alternatiewelik hulself geestelik te verryk – wat andersins nie moontlik sal wees nie.

KRITERIA VIR SUKSESVOLLE VOLTOOIING VAN VLAK AA STUDIEPROGRAMME

Die werkopdragte wat ingehandig word deur studente sal bydra tot die finale punt wat verwerf kan word deur die student. 'n Finale slaagsyfer vir alle vakeenhede op hierdie vlak van Studie is 65% vir die werkopdragte en/asook vir die eksamen(s). Die kriteria wat toegepas word vir die slaag van vakeenhede is as volg:

Slaag	65% - 100%
Druip met begeleiding	Onder 65%
Kansellasie van Studieprogram	Slegs binne twee weke na registrasie en indien geen studiemateriaal of aantekenkode vir die Studiesentrum reeds voorsien is nie of soos goekgekeur deur Dekaan. Sien kansellasiebeleid hierbo.
Staking van Studieprogram	Onvoltooid, met koste

AFDELING E:
INLIGTING M.B.T STUDIEPROGRAMME (VLAK BB)

SERTIFIKAAT IN CHRISTELIKE BERADING & LEWENSAFRIGTING

Die Sertifikaat in Christelike Berading is 'n Vlak BB studieprogram wat bestaan uit 'n kombinasie van kursusse wat ten doel het om studente die kennis en vaardighede aan te leer ten einde 'n grondslag te vestig op die pad na effektiewe berading en lewensafrigting.

Die **Sertifikaat in Christelike Berading & Lewensafrigitng** behels die volgende agt (8) modules wat uit 2 jaarfases en 25 Vakke bestaan (140 krediete):

Jaarfase I (Een Kalenderjaar)

MODULE 1: CCC-KM-01 – Die Bediening van Berading (15 Krediete)
- Bybelse Basis vir Christelike Berading (CCC-KM-01-BSCB101)
    - Inleiding tot Christelike Berading, Rol van die Gees & Woord in Berading, Berading as Bediening
- Fondasies vir Christelike Berading (CCC-KM-01-BSCB102)
    - Kwalifikasies van die Berader, Beradingsfondasies & Voorveronderstellings in Berading
- Die Beradingsproses (CCC-KM-01-BSCB103)
    - Voorbereiding, Verwerking van Informasie, Vestiging van Hoop, Probleemanalise, Skrifgebruik in Berading, Probleemoplossings & Rol van Huiswerk
- Beradingsbronne (CCC-KM-01- BSCB104)
    - Beradingswaarskuwings, Gebruik van Illustrasies, Algemene Vrae & Spesifieke Bronne

MODULE 2: CCC-KM-02 – Beradingsvaardighede (5 Krediete)
- Basiese Vaardighede (CCC-KM-02-BSCB105)
    - Aandaggewing, Waarneming, Refleksie van Gevoelens, Parafrase, Konfrontasie, Analise & Integrasie

MODULE 3: CCC-KM-03 – Beradingspesialisasie 101 (25 Krediete)
- Selfmoord (CCC-KM-03-BSCB106)
- Post Traumatiese Spanning Sindroom (CCC-KM-03-BSCB107)
- Kinderberading (CCC-KM-03-BSCB108)
- Tienerberading (CCC-KM-03-BSCB109)

MODULE 4: CCC-PM-01 – Beradingspraktyk 101 (15 Krediete)
- Bybelse Fondasie vir Verandering (CCC-PM-01-BSCB7)
- Blywende Verandering (CCC-PM-01-BSCB8)
- Selfkennis (CCC-PM-01-BDCB8)

Jaarfase II (Een Kalenderjaar)

MODULE 5: CCC-KM-04 – Beradingspesialisasie 201 (20 Krediete)
- Huwelik & Gesinne (CCC-KM-04-BSCB201)

    - ‘n Bybelse Fondasie, Geslagsverskille, Kommunikasie, Liefde & Intimiteit, Huweliksanalise, Probleemhuwelike, Ouerskap, Sisteme, Modelle vir Terapie, Egskeiding & Hertroue
- Huishoudelike Geweld (CCC-KM-04-BSCB203)
    - Woede & Woede-Analise, Grense, Mishandeling, Geweld, Die Geweldenaar, Genesing na Mishandeling, Seksuele Mishandeling, Herstel & Die Oortreder
- Afhanklikheid (CCC-KM-04-BSCB202)
    - Betekenis, Oorsake, Algemene Behandeling, Assessering, Afhanklike Passiwiteit & Spesifieke Behandelingsmodelle
- Verslawing (CCC-KM-04-BSCB204)
    - Begrip, Teorieë, Verslawing aan Alkohol, Dwelms & Liefde, Eetversteurings, Behandeling, Modelle & Assessering

MODULE 6: CCC-PM-02 – Beradingspraktyk 201 (20 Krediete)
- Interpersoonlike Probleme (CCC-PM-01-BDCB9)
- Interpersoonlike Verhoudings (CCC-PM-01-BDCB10)
- Probleemareas (CCC-PM-01-BDCB11)
- God se Standaard (CCC-PM-02-BDCB12)

MODULE 7: CLC-PM-01 – Lewensafrigting (25 Krediete)
- Lewensafrigting & Mentorskap (CLC-PM01-BLCA201)
    - Oorsig, Proses, Ondersteuning, Spesifieke Lewensareas & Begeleidingsmodelle (‘n Stap-vir-stap benadering met Elisa, Gehasi, Sameul, Joas, Moses & Josef as model; voorbeelde vanuit Jesus Christus se lewe)
- Jou Roeping as Lewensafrigter (CLC-PM01-BLCA202)
- Ken God se Stem (CLC-PM01-BLCA203)
- Kommunikasiemodel & Oortuigings (CLC-PM01-BLCA204)

MODULE 8: CLC-WM-01 – Afrigtingspraktyk (15 Krediete)
- Dinamiese Lewensafrigting (CLC-WM-01-BLCA205

MEER INLIGTING OOR VLAK BB STUDIEPROGRAMME

Hierdie studieprogram behandel gespesialiseerde konsepte met betrekking tot 'n spesifieke konteks. Die studieprogram kan nie vir slegs **Bybelstudiedoeleindes** gevolg word nie, en studente kan nie registreer vir losstaande vakeenhede of modules nie.

Studente wat registreer vir hierdie studieprogram moet ‘n aantal werkopdragte in vakeenhede tot bevrediging voltooi ten einde die Sertifikaat te ontvang. Werkopdragte verskil na gelang van vakeenhede en sal deur ‘n Assessor evalueer word. Finale eksamens vir individuele modules asook 'n finale eksamen (FISA) sal ook van toepassing wees. Alle studiemateriaal gedurende Fase I is ingesluit by die koste van die kursus, maar daar word van studente verwag omongeveer twee tot drie handboeke aan te koop gedurende die tweede fase van studie.

In beide vlakke van studie beveel ons aan dat studente enkele handboeke sal koop as aanbeveole werke. Hierdie boeke is egter nie ‘n vereiste vir suksesvolle voltooiing

van die kursus nie. Alle aanbevole handboeke is so gekies dat studente dit na afhandeling van hul studies daagliks in ‘n praktyk of in ‘n beroepsrigting as handboek en/of as verwysingsboek kan gebruik. Dit is dus ‘n lewenslange belegging.

Die Vlak BB Studieprogram bied aan studente die konsep van "Studie deur Boublokke/Fases". Elke boublok/fase is 'n onderafdeling en bou voort na die volgende boublok/fase. Studente verkry egter 'n brief van bywoning en prestasie na voltooiing van een spesifieke boublok, asook die toekenning van die kwalifikasie na verwerwing van die tweede boublok. Die voltooiing van die eerste boublok/fase dien as toelating tot die registrasie na die volgende boublok/fase. Die sertifikaat word slegs toegeken na voltooiing van die tweede boublok. Studente wat dus registreer met die doelwit om 'n Sertifikaat in Christelike Berading & Lewensafrigting te verwerf volg die volgende pad na verwerwing van hierdie kwalifikasie:

- Stap 1 - Registrasie en suksesvolle voltooiing van 'n Sertifikaat in Christelike Berading & Lewenswandel (Boublok/Fase I)
- Stap 2 - Registrasie en suksesvolle voltooiing van 'n Sertifikaat in Christelike Berading & Lewenswandel (Boublok/Fase II)

Ons kan dit as volg illustreer:

Stap 1 - Sertifikaat in Christelike Bereading & Lewensafrigting (Fase I). Studente registreer vir die Sertifikaat in Christelike Berading & Lewensafrigting (Fase I). By suksesvolle voltooiing van die Sertifikaat in Christelike Berading (Fase II), ontvang studente volle krediete vir die eerste jaar (60 krediete) en word dan toegelaat om te registreer vir die Sertifikaat in Christelike Berading & Lewensafrigting (Fase I).

Sertifikaat in Christelike Berading & Lewensafrigting (Fase I) **60 Krediete**

Stap 2 - Sertifikaat in Christelike Berading & Lewensafrigting (Fase II). Studente registreer vir die Sertifikaat in Christelike Berading & Lewensafrigting (Fase II). By suksesvolle voltooiing van die Sertifikaat in Christelike Berading (Fase II), ontvang studente volle krediete vir die tweede jaar (80 krediete) en die Sertifikaat in Christelike Berading & Lewensafrigting word toegeken.

Sertifikaat in Christelike Berading & Lewensafrigting (Fase II) **80 Krediete**

Die Sertifikaat in Christelike Berading & Lewensafrigting (Fase I) is dus die eerste boublok en die Sertifikaat in Christelike Berading & Lewensafrigting (Fase II) die tweede en laaste boublok.

Nota: Die verskil in krediete tussen die twee akademiese jare is hoofsaaklik toe te skryf aan praktiese werk, asook akkreditasievereistes. Die tweede jaar het egter meer werk as die eerste jaar.

Duur van Studie

Vlak BB is ‘n studieprogram wat deur afstandsonderrig en nie deur middel van korrespondensiestudies aangebied word nie. Vir die verskil tussen hierdie twee tipes van studie, sien meer inligting hieroor in die Studente en Algemene afdelings van hierdie Prospektus.

Afstandsonderrig deur middel van mentorskap beteken dat 'n student onder begeleiding van 'n studiementor die studieprogram voltooi. Studente kry toegang tot die Studiesentrum waar daar studiebriewe publiseer word wat die studente deur die studieprogram begelei. Addisioneel tot u handboek(e) word u begelei deur die studieprogram stap vir stap. Ons verwag van studente om ongeveer 12 na 16 ure per week aandag te gee aan hierdie studieprogram, en een addisionele uur vir afronding. Indien u hierdie program volg, sal u gemaklik die studiemateriaal en program kan baasraak en voltooi. Die lesings en werkboek is egter so uitgewerk dat studente wat agter raak, baie maklik kan opvang deur slegs 'n bietjie harder te werk in opeenvolgende weke. In sommige gevalle mag daar van studente verwag word aanlyn na lesings te luister, alhoewel die meeste van die klanklesings op ‘n datastafie aan u beskikbaar gestel word. U word begelei op 'n akademiese vlak, maar ook op 'n geloofsvlak deur u studiementor. U werk u eie studierooster uit per week, per maand, per jaar. Op hierdie wyse kan u binne een jaar gemaklik die studieprogram voltooi. Daar is egter 'n maksimum tydsbeperking vir die voltooiing van die studieprogram. Ons gebruik egter kriteria wat studente in staat stel om gemaklik deur die studiemateriaal te beweeg en aan die vereistes te voldoen met inagneming van die unieke omstandighede van deeltydse studente soos genoem hierbo. Die maksimum termyn vir die voltooiing van elke fase van 'n Vlak BB studieprogram is 18 maande. Daar word ook van studente verwag om ten minste een werkopdrag per akademiese kwartaal in te handig.

Ons verwag van studente om erns te maak met hul studies en die program waarvoor hul registreer te voltooi. Dus verskaf ons sekere riglyne aan studente wat hul in ag moet neem voordat hulle besluit om te registreer. Hierdie riglyne gee aan u die basis sodat u self die tydperk kan bepaal vir die voltooiing van die spesifieke kwalifikasie. Deur hierdie riglyne te benut, kan studente ook bepaal hoeveel tyd hul aan hul studies per dag, week of maand behoort te spandeer.

Die riglyne is die volgende:

- Vir alle Vlak BB Studieprogramme beveel ons aan dat studente die studieprogram versprei oor 'n tydperk van ‘n kalenderjaar. Dit sal dus een kalenderjaar vir Fase 1 & 1 kalenderjaar vir Fase 2 wees. Die volume van materiaal asook vereistes wat gestel word is van so aard dat dit 'n deeltydse student met gemak 'n kalenderjaar sal neem om te voltooi. Moudle 4 gedurende die eerste fase beslaan praktiese werk wat u gelyktydig met u teoretiese studies kan voltooi. Die inhoud is so saamgestel dat u dit as ‘n daaglikse stiltetydsessie van een uur per dag kan voltooi. Wat betref die teoretiese modules is die werksvolume in uursessies ingedeel en ‘n deeltydse student behoort ongeveer 9 ure per week te werk.
- Indien 'n deeltydse student die kwalifikasie (per fase) wil voltooi binne een kalenderjaar, beveel ons aan dat u tussen 8-10 ure per week sal benut.

Voltydse studente behoort egter 6-7 ure per dag vir stude te benut ten einde beide fases in een kalenderjaar te voltooi.
- Hierdie riglyn is van toepassing op deeltydse studente.
- Indien studente hierdie formule as riglyn gebruik kan hul enige tyd na ontvangs van die studiemateriaal met inagneming van die moeilikheidsgraad bepaal of hul dit vinniger kan voltooi.
- ‘n Studierooster word ingesluit by u studiemateriaal om u behulpsaam te wees in u beplanning. ‘n Dosent sal ook gedurende ‘n Zoom-sessie behulpsaam wees met beplanning.

Krediete

Na voltooiing van elke fase van hierdie studieprogram ontvang studente spesifieke krediete soos hierbo uiteengesit. Volle krediete na Fase II sal u in staat stel om ‘n praktyk te open of om as onafhanklike lewenspraktisyn in beroepsverband te praktiseer. U moet egter let op die regsvereistes wat betref die spesialisasie as berader in die land waar u woonagtig is en wil praktiseer. Indien u hulp en inligting hieroor verlang, kan u ons administratiewe kantoor met u navraag skakel.

TOELATINGSVEREISTES VIR VLAK BB STUDIEPROGRAMME

Vir die Sertifikaat in Christelike Berading & Lewensafrigting (Fase I)
- Graad 12, met Engels as vereiste
- 'n Liefde vir God en Sy Woord
- 'n Onderneming om erns te maak met u studies
- 'n Verbintenis om die kursus te voltooi waarvoor u registreer
- Die besit van 'n Bybel

Vir die Sertifikaat in Christelike Berading & Lewensafrigting (Fase II)
- Die Sertifikaat in Christelike Berading & Lewenswandel (Fase I)
- 'n Liefde vir God en Sy Woord
- 'n Onderneming om erns te maak met u studies
- 'n Verbintenis om die kursus te voltooi waarvoor u registreer
- Die besit van 'n Bybel

Die onderrigmedium is Afrikaans, maar werkopdragte en eksamens kan in die taal van u keuse voltooi word. Daar is egter sekere vakeenhede wat Engelse studiemateriaal het. Ons is egter tans in proses om studiemateriaal in Afrikaans te vertaal en beskikbaar te stel. Enkele klankbane en dokumente is alreeds in Afrikaans beskikbaar vir kursusse waarvan die studiemateriaal slegs Engels is, maar die meeste lesings wat aan studente gebied word, is in Engels. Alle Webinare word in Afrikaans, sowel as in Engels aangebied.

ERKENNING VIR VORIGE STUDIES/KWALIFIKASIES

Met betrekking tot Vlak BB Studieprogramme word erkenning gegee vir vorige studies, ondeworpe aan die vereistes van SAQA. Alle vorige studies moet egter belyn met uitkomste van hierdie studieprogram. Algemene teologiese inhoude kan nie dien as nakoming van vereistes vir erkenning vir vorige studies nie.

KOSTE VAN VLAK BB STUDIEPROGRAMME

In die geval van registrasie vir Vlak BB studieprogramme, word geen gelde gehef vir aansoek om studies nie. Daar is egter ‘n registrasiefooi van R 180.00 betaalbaar vir hierdie studieprogramme, maar dit is ingesluit by die totale kursusfooi.

Wat die koste van Vlak BB studieprogramme betref, is daar drie opsies waaruit voornemende studente kan kies:

- Die studiekoste vir die Vlak BB studieprogram beloop R 15 100.00 (R 6 850.00 vir Fase I & R 8 250 vir Fase II) vir beide jaarfases. Hierdie koste sluit in registrasiefooi, studiegelde, alle voorgeskrewe werk (uitgesluit twee of drie boeke vir Fase II), versending van studiemateriaal, assessering en sertifisering. Studente het egter die volgende betalingsopsies:
  - **Opsie 1a:** Eenmalige registrasie vir Fase I & Fase II met betaling van die volle bedrag teen registrasie. In hierdie geval word die student vrygestel van die administrasie- en hanteringskoste en ontvang ‘n korting van R 1 375.00 en betaal slegs R 13 725.00.
  - **Opsie 1b:** Eenmalige registrasie vir Fase I & Fase II met afbetaling van die totale studiegelde. In hierdie geval word die administrasie- en hanteringsfooie gehef maar die student is vrygestel van enige verhogings in die volgende studiejare en die bedrag van R 15 100.00 is betaalbaar as volg:
    - Deposito teen registrasie: R 4 075.00.00
    - Sewe paaiemente van R 1 575.00 elk wat in aanvang neem 30 dae na betaling van deposito met ses gelyke paaiemente van R 1 575.00 wat volg maandeliks daarna, met ‘n maksimum betalingstermyn van sewe maande.
  - **Opsie 2a:** Eenmalige registrasie vir slegs Fase I met betaling van die volle bedrag teen registrasie. In hierdie geval word die student vrygestel van die administrasie- en hanteringskoste en ontvang ‘n korting van R 585.00 en betaal slegs R 6 265.00.
  - **Opsie 2b:** Eenmalige registrasie vir slegs Fase I met afbetaling van die totale studiegelde vir Fase I. In hierdie geval word die administrasie- en hanteringsfooie gehef en die bedrag van R 6 850.00 is betaalbaar as volg:
    - Deposito teen registrasie: R 2 250.00.00
    - Vier paaiemente van R 1 150.00 elk wat in aanvang neem 30 dae na betaling van deposito met drie gelyke paaiemente van R1 150.00 wat volg maandeliks daarna, met ‘n maksimum betalingstermyn van vier maande.
  - **Opsie 3a:** Eenmalige registrasie vir slegs Fase II met betaling van die volle bedrag teen registrasie. In hierdie geval word die student vrygestel van die administrasie- en hanteringskoste en ontvang ‘n korting van R 790.00 en betaal slegs R 7 460.00.
  - **Opsie 3b:** Eenmalige registrasie vir slegs Fase II met afbetaling van die totale studiegelde vir Fase II. In hierdie geval word die administrasie- en hanteringsfooie gehef en die bedrag van R 8 250.00 is betaalbaar as volg:
    - Deposito teen registrasie: R 2 850.00.00
    - Vier paaiemente van R 1 350.00 elk wat in aanvang neem 30 dae na betaling van deposito met drie gelyke paaiemente van R1 350.00 wat volg maandeliks daarna, met ‘n maksimum betalingstermyn van vier maande.
  - Studieprogram BB is nie beskikbaar vir registrasie as Bybelstudie-doeleindes, of as afsonderlike studie-eenhede nie.

Opmerking m.b.t Koste van Vlak BB Studieprogram

Alle studiemateriaal word aan studente versend, en alle studiemateriaal word beskerm met sleutelwoorde wat deur student gebruik word om die studiemateriaal te ontsluit. In die geval van studente wat afbetalingsopsies gebruik, word sleutelwoorde in fases beskikbaar gestel vir ontsluiting van studiemateriaal.

- **Herregistrasie in die geval van druip van vakeenhede**. 'n Persentasiepunt en simbool ooreenkomstig die evaluasiekriteria vir hierdie kursusse word toegeken vir elke werkopdrag. Minder as 60% vir die werkopdragte impliseer dat 'n student die vakeenheid druip en dit moet herhaal. Herregistrasie vir hierdie kursus is dan van toepassing en beteken dat 'n student by enige tweede of verdere registrasie 'n herregistrasiefooi van R350.00 per vakeenheid moet betaal. Studente hoef egter nie weer die kursusgeld in hierdie geval te betaal nie.
- **Hernasien van Werkopdragte**. Waar studente 'n versoek vir hernasien van werkopdragte en/of eksamens aan die Instituut rig, is 'n fooi van R200.00 betaalbaar voordat die werkopdrag of eksamenantwoordstel hernagesien kan word. Die goedkeuring van enige versoek om hernasien berus by die Dekaan.
- **Kansellasie van Studies.** Aansoek om kansellasie van vakeenhede, omruiling van vakeenhede en/of kansellasie van 'n studieprogram mag gedoen word binne twee weke na registrasie, op die voorwaarde dat geen studiemateriaal reeds versend of beskikbaar gestel is nie, en/of geen gebruikerskode en sleutelwoord verskaf is vir toegang tot die Studiesentrum nie.
    - In gevalle waar 'n versoek om kansellasie ontvang word binne twee weke na registrasie en na die studiemateriaal reeds versend is of nadat 'n gebruikerskode en sleutelwoord reeds toegestaan en versend is, sal geen kansellasie van registrasie of studies oorweeg word nie.
    - Indien 'n versoek om omruiling van kursusse goedgekeur word waar die aansoek deur die student binne twee weke na registrasie gedoen is en geen studiemateriaal of toegang tot die Studiesentrum reeds voorsien is nie, sal 'n kursuswysingingsfooi van 15% van die huidige studiekoste gehef word en daar sal van die student verwag word om die volle koste te betaal van die nuwe vakeenhede/kursusse/ studieprogramme wat hy/sy nou byvoeg of omruil, asook die registrasiefooi van toepassing op die nuwe studieprogram.
    - Indien 'n versoek om kansellasie van studies goedgekeur word waar die aansoek deur die student binne twee weke na registrasie gedoen is en geen studiemateriaal of toegang tot die Studiesentrum is reeds voorsien nie, sal 'n kansellasiefooi van 15% van die studiekoste gehef betaalbaar wees.
    - By ontvangs van 'n versoek om kansellasie van 'n student na die verstryking van twee weke na registrasie en nadat die studiemateriaal reeds beskikbaar gestel is aan die student deur die verskaffing van 'n aantekenkode en sleutelwoord, sal geen versoek om kansellasie oorweeg word nie en dit sal beskou word as 'n staking van studies. Geen fooie sal aan studente terugbetaal word in hierdie geval nie, ongeag die rede wat verskaf word.
    - Die oorweging van die aansoek om kansellasie/omruiling van kursusse en die goedkeuring daarvan berus by die Dekaan en sy besluit sal as finaal aanvaar word.
- **Staking van Studies.** Staking van vakeenhede en/of 'n studieprogram in geheel word nie aanvaar sonder koste nie. Staking van Studies word definieer as die kansellasie of staking van studies sonder skriftelike kennisgewing aan die

Instituut, of waar die aansoek om kansellasie afgekeur is deur die Dekaan en student verkies steeds om sy/haar studieprogram te staak. In hierdie geval is geen stakingsfooi betaalbaar nie, maar studente ontvang geen korting by herregistrasie nie. Studente sal egter steeds verantwoordelik wees vir uitstaande studierekeninge in die geval van staking van studies en geen terugbetalings word gemaak by staking van studies nie. Die staking van studies is ‘n ernstige aangeleentheid vir die Instituut en besluite m.b.t die staking van studies berus by die Dekaan en sal van geval tot geval en met inagneming van die omstandighede op meriete geneem word. Die besluit van die Dekaan sal as finaal aanvaar word.

- **Hereksamens.** In die geval van Vlak BB Studieprogramme behou die Instituut die reg voor om aan 'n studente 'n hereksamen toe te staan. Hierdie besluit sal geneem word met inagneming van die spesifieke student se deelname en vordering met die kursusmateriaal, die evaluasie van werkopdragte, asook met inagneming van spesifieke omstandighede van die student. 'n Hereksamenfooi van R375.00 sal betaalbaar wees en die besluit m.b.t hereksamen berus by die Dekaan. Die besluit van die Dekaan sal as finaal aanvaar word.

Die Vlak BB Studieprogram het ten doel om teologiese en geestelike opvoeding, binne beroepsverband, aan soveel mense as moontlik beskikbaar te stel. Die manier waarop die kostestruktuur opgestel is, maak dit moontlik vir studente om erns te maak met hulle studies en op hierdie wyse voldoen ons aan bekosbaarheidsvereistes.

KRITERIA VIR SUKSESVOLLE VOLTOOIING VAN VLAK BB STUDIEPROGRAMME

Die werkopdragte en praktiese werk wat ingehandig en voltooi moet word deur studente sal deel uitmaak van ‘n finale kursuspunt. Die balans van die finale asseseringspunt word opgemaak uit die skriftelike eksamen wat aanlyn in ons Studiesentrum voltooi moet word, sowel as die deelname van die individuele student in die Studiesentrum. 'n Finale slaagsyfer vir alle vakeenhede op hierdie vlak van Studie is 60%. Die kriteria wat toegepas word vir die slaag van vakeenhede is as volg:

Slaag	60% - 100%
Druip met begeleiding	Onder 60%
Kansellasie van Studieprogram	Slegs binne twee weke na registrasie en indien geen studiemateriaal of aantekenkode vir die Studiesentrum reeds voorsien is nie of soos goekgekeur deur Dekaan. Sien kansellasiebeleid hierbo.
Staking van Studieprogram	Onvoltooid, met koste

AFDELING F:
INLIGTING M.B.T TOEKOMSTIGE STUDIEPROGRAMME (VLAK E)

BEROEPSSERTIFIKAAT IN BEDIENINGSPRAKTYK (MINISTER OF RELIGION)

Die Beroepsertifikaat in Bedieningspraktyk het ten doel om voornemende studente toe te rus as predikante, leraars of pastore. Hierdie sertifikaat is n geakkrediteerde, kredietdraende Vlak E kursus wat bestaan uit vier-en-dertig modules ingedeel in drie (3) kategorieë. Kwalifikasie 101571 is deel van die QCTO (Quality Council for Trades & Occupations) omgewing, soos aanbeveel en goedgekeur deur SAQA (South African Qualifications Authority). Die kwalifikasie word onder toesig van LEDISA Academy (Pty) Ltd aangebied.

Die Beroepsertifikaat in Bedieningspraktyk het ‘n totale kredietwaarde van 237 SAQA krediete. Die finale uitkomste van hierdie kwalifikasie is as volg:

- Voorbereiding en lewering van prediking wat die beginsels van eksegese, hermeneutiek en homelitiek inkorporeer.
- Bediening van sakramente binne die konteks van ‘n spesifieke geloofsgemeenskap.
- Beplanning en lei van aanbiddingsdienste.
- Fasilitering van geestelike groei van individue en groepe.
- Ontwikkeling en versorging van gesonde verhoudings binne ‘n diverse geloofsgemeenskap.
- Begeleiding van ‘n geloofsgemeenskap in tye van nood en krisis.
- Begeleiding van ‘n geloofsgemeenskap om Christelike waardes en -sisteme uit te leef.
- Ontwikkeling van pro-aktiewe en reaktiewe lewensvaardighede deur prediking, lering, berading en mentorskap.
- Begeleiding van ‘n geloofsgemeenskap met visionêre en strategiese leierskap.
- Fasiliteer effektiewe bedienings binne ‘n geloofsgemeenskap.
- Fasiliteer rentmeesterskapsprosesse in ‘n geloofsgemeenskap.
- Mobiliseer ‘n geloofsgemeenskap tot evangelisasie.
- Beplanning van uitreikprogramme ten einde te assisteer in sosio-ekonomiese omstandighede binne ‘n groter gemeenskap.
- Inisieer ingrypings wat fokus op noodsituasies en krisisse binne ‘n gemeenskap.
- Bevorder sosiale geregtigheid binne ‘n gemeenskap.

Hierdie **Beroepsertifikaat** behels 237 krediete op ‘n NQF Vlak 5 en verskaf wetlike toegang tot die bediening van predikant/leraar/pastor. Die volledige kursus sluit die volgende in:

TEORETIESE MODULES (123 Krediete / 13 Modules)

- Bedieningsbeginsels (6 Krediete)
- Hermeneutiek (30 Krediete)
- Basiese Christelike Konsepte (8 Krediete)
- Christelike Etiek (8 Krediete)
- Kerkgeskiedenis & -Tradisies (6 Krediete)
- Geloofsgemeenskapsbeginsels (8 Krediete)
- Homelitiek (8 Krediete)

- Erediensbegeleiding (6 Krediete)
- Geestelike Dissiplines (10 Krediete)
- Pastorale Berading (12 Krediete)
- Missiologie (7 Krediete)
- Kerkbestuur & -Leierskap (8 Krediete)
- Kerkadministrasie & Finansiële Bestuur (6 Krediete)

PRAKTYKMODULES (64 Krediete / 16 Modules)

- Voorbereiding van kontekstuele preke. (5 Krediete)
- Lei van aanbiddingsdienste (5 Krediete)
- Individuele en groepsinteraksie ten einde geestelike groei te fasiliteer. (4 Krediete)
- Versorging van lidmate in ‘n geloofsgemeenskap. (4 Krediete)
- Begeleiding in tye van nood en krisis. (6 Krediete)
- Begeleiding binne waardes en waardesisteme. (4 Krediete)
- Ontwikkeling van pro-aktiewe en reaktiewe lewensvaardighede deur prediking, lering en mentorskap. (5 Krediete)
- Begeleiding deur visionêre, strategiese leierskap. (4 Krediete)
- Bou van spirituele leierskapskapasiteit. (4 Krediete)
- Fasilitering van effetiewe bedieninge. (4 Krediete)
- Fasilitering van rentmeesterskapsprosesse. (4 Krediete)
- Mobilisering van ‘n geloofsgemeenskap tot evangelisasie. (4 Krediete)
- Beplanning van uitreikprogramme met die oog op sosio-ekonomiese omstandighede in ‘n groter gemeenskap. (3 Krediete)
- Inisieer ingrypings in die hantering van noodsituasies in ‘n gemeenskap. (3 Krediete)
- Deelname aan inter-geloofs-ontwikkelingsinisiatiewe. (3 Krediete)
- Effektiewe bestuur en benutting van media. (2 Krediete)

BEROEPSMODULES (50 Krediete / 5 Modules)

- Voorbereiding en lei van aanbiddingseredienste. (15 Krediete)
- Beplan en lei van onderrigsessies, ontwikkeling van bedieningsaktiwiteite. (15 Krediete)
- Ontwikkel pro-aktiewe en reaktiewe lewensvaardighede en stimuleer Christelike waardesisteme. (10 Krediete)
- Fasiliteer visionêre en operasionele leierskapspraktyke. (5 Krediete)
- Beplan uitreikprogramme en gemeenskapsontwikkelingsprojekte. (5 Krediete)

MEER INLIGTING OOR VLAK E STUDIEPROGRAMME

Hierdie studieprogram het ten doel om voornemende studente voor te berei vir die bediening. Dit is ‘n ten volle ge-akkrediteerde studieprogram met 237 SAQA krediete en verskaf toegang tot die bediening as predikant/pastoor/leraar. Studente word daarop gewys dat hierdie ‘n akademiese kwalifikasie is soos voorgeskryf deur die Depatement van Onderwys, maar dat daar moontlik legitimasievereistes is wat betref spesifieke kerkdenominasies. Omrede Bet-El Bybel Instituut nie gebonde is aan ‘n spesifieke kerkdenominasie nie en interkerklik opereer, voldoen ons opleiding aan akademiese, departementele vereistes en moet volgens wetgewing deur alle denominasies erken word. Afsonderlike legitimasievereistes mag egter geld in

individuele gevalle. Indien u onseker is hieroor, kontak gerus die Instituut vir meer inligting.

Studente kan nie vir hierdie kursus registreer vir Bybelstudiedoeleindes of as afsonderlike eenhede nie, omrede dit ‘n beroepsgerigte kwalifikasie is.

Studente wat registreer vir hierdie studieprogram moet ‘n aantal werkopdragte in vakeenhede tot bevrediging voltooi ten einde die Sertifikaat te ontvang. Werkopdragte verskil na gelang van vakeenhede en sal deur ‘n Assessor evalueer word. Finale eksamens vir individuele modules asook 'n finale, eksterne eksamen (FISA) sal ook van toepassing wees. Alle studiemateriaal is ingesluit by die koste van die kursus, maar daar is enkele aanbevole boeke wat in die e-Biblioteek gelys word. Alhoewel hierdie aanbevole werke nie verpligtend is en dit nie benodig word as vereiste vir die slaag van hierdie kursus nie, beveel ons dit sterk aan op grond van die feit dat dit ‘n goeie belegging is vir gebruik in ‘n toekomstige bediening.

Die Vlak E studieprogram bestaan uit drie (3) groepe modules nl:

- Teoretiese Modules
  Modules wat op teoretiese kennis gebaseer is en wat deur middel van selfstudie, kontaksessies (webinare), aanlyn studiesentrum en studiebriewe doseer word.
- Praktykmodules
  Modules wat praktiese werk vereis en inskakeling in ‘n lokale gemeente van die student se keuse is ononderhandelbaar. Die student sal praktiese werk onder begeleiding en toesig van ‘n studiementor doen.
- Beroepsmodules
  Hierdie modules word voltooi deur ondervinding gedurende die praktiese werk wat in die student se guns tel as praktiese ervaring. Dit is ‘n vereiste vir alle beroepsertifikate soos voorgeskryf deur die Departement van Onderwys.

Duur van Studie

Vlak E is ‘n studieprogram wat deur afstandsonderrig en nie deur middel van korrespondensiestudies aangebied word nie. Vir die verskil tussen hierdie twee tipes van studie, sien meer inligting hieroor in die Studente en Algemene afdelings van hierdie Prospektus.

Afstandsonderrig deur middel van mentorskap beteken dat 'n student onder begeleiding van 'n studiementor die studieprogram voltooi. Studente kry toegang tot die Studiesentrum waar daar studiebriewe publiseer word wat die studente deur die studieprogram begelei. Addisioneel tot u handboek(e) word u begelei deur die studieprogram stap vir stap. Die bywoning van aanlyn-webinare is ook verpligtend. Hierdie webinare word in Afrikaans en Engels aangebied, te alle tye na ure sodat dit nie inmeng met studente se voltydse werksituasies nie. Ons poog om redelik lank voor die tyd kennis te gee vir die plaasvind van Webinare en slegs enkele webinare per jaar is van toepassing. Gedurende hierdie webinare hanteer ons navrae van studente, gesels oor onsekerhede en poog om leiding te gee m.b.t die studieprogram en -vereistes. Dit is nie ‘n sessie waar lesings aangebied word nie en studente hanteer die lesings en vakeenhede in die meeste gevalle as selfstudie.

Wanneer iemand die beroepsbesluit neem om ‘n roeping te volg en te studeer ten einde betrokke te raak in ‘n voltydse bediening, is dit ‘n ernstige aangeleentheid en verwag ons dat ons beste vir God gegee word. Voorbereiding vir die bediening behels die ontwikkeling van bedieningsvaardighede, leiereienskappe en die aanvaarding

van verantwoordelikhede. Dit is van die veistes wat ons stel vir voornemende studente. Ons verwag van studente om erns te maak met hul studies en die program waarvoor hul registreer te voltooi. Dus verskaf ons sekere riglyne aan studente wat hul in ag moet neem voordat hulle besluit om te registreer. Hierdie riglyne gee aan u die basis sodat u self die tydperk kan bepaal vir die voltooiing van die spesifieke kwalifikasie. Deur hierdie riglyne te benut, kan studente ook bepaal hoeveel tyd hul aan hul studies per dag, week of maand behoort te spandeer.

Die riglyne is die volgende:

- Vir die Vlak E Studieprogram beveel ons aan dat studente die studieprogram versprei oor 'n tydperk van 36 maande. Die volume van materiaal asook vereistes wat gestel word is van so aard dat dit 'n deeltydse student met gemak drie kalenderjare sal neem om te voltooi. Ons verskaf egter aan u ‘n maksimum tyd van 48 maande om u studies te voltooi.
- Praktiese modules en modules wat fokus op werksprestasie kan eers voltooi word nadat die teoretiese modules suksesvol voltooi is. Ons bevel dus die volgende aan as maksimum studie-termyne:
    - Die voltooiing van u teoretiese modules oor ‘n tydperk van 24 maande, maar ‘n maksimum tydperk van 36 maande word toegelaat.
    - Die voltooiing van u praktiese modules asook die modules wat fokus op werksprestasie nadat u die teoretiese modules suksesvol voltooi het oor ‘n tydperk van 12 maande, met die voorwaarde dat dit nie die totale maksimum studietydperk van 48 maande oorskry nie.
- Indien studente hierdie formule as riglyn gebruik kan hul enige tyd na ontvangs van die studiemateriaal met inagneming van die moeilikheidsgraad bepaal of hul dit vinniger kan voltooi.

Krediete

Na voltooiing van hierdie studieprogram, ontvang die student ‘n Beroepsertifikaat uitgereik deur SAQA (South African Qualifications Authority), met 237 SAQA kredietpunte wat benut kan word vir verdere studie, ook aan ‘n Suid-Afrikaanse Universiteit. Die toestaan van krediete is onderworpe aan die studiebeleid en -voorwaardes van ‘n individuele Universiteit.

TOELATINGSVEREISTES VIR VLAK E STUDIEPROGRAM

- Graad 12, met Engels kommunikasie as vereiste
- 'n Liefde vir God en Sy Woord
- 'n Onderneming om erns te maak met u studies
- 'n Verbintenis om die kursus te voltooi waarvoor u registreer
- Die besit van ten minste een Bybel

Die onderrigmedium is Afrikaans & Engels, maar werkopdragte en eksamens moet egter kragtens departementele vereistes in Engels gedoen word. Feitlik alle studiemateriaal is in Engels beskikbaar. Die webinare en studiebriewe word egter in Afrikaans beskikbaar gemaak en ons beoog om gedurende 2021 te begin met die vertaling van enkele studiemateriaal waarvoor ons toestemming kan bekom, van Engels na Afrikaans.

ERKENNING VIR VORIGE STUDIES/KWALIFIKASIES

Met betrekking tot Vlak E Studieprogramme word erkenning gegee vir vorige studies, ondeworpe aan die vereistes van SAQA. Alle vorige studies moet egter belyn met uitkomste van hierdie studieprogram. Algemene teologiese inhoude kan nie dien as nakoming van vereistes vir erkenning vir vorige studies nie. Vorige studies aan nie-erkende, nie-geakkrediteerde instansies mag moontlik lei tot oponthoude in die proses.

KOSTE VAN VLAK E STUDIEPROGRAM

In die geval van registrasie vir Vlak E studieprogramme, word geen gelde gehef vir aansoek om studies nie. Daar is egter 'n registrasiefooi van R 250.00 betaalbaar vir hierdie studieprogram, maar dit is ingesluit by die totale kursusfooi.

Wat die koste van die Vlak E studieprogram betref, is daar drie opsies waaruit voornemende studente kan kies:

- Die studiekoste vir die Vlak E Studieprogram beloop R 19 775.00. Hierdie koste sluit in die totale studiegelde, ongeag jare van voltooiing, met die voorwaarde dat 48 maande nie oorskry word nie. Die koste sluit ook in registrasiefooi, alle voorgeskrewe studiemateriaal, versending van studiemateriaal, administrasiefooi, finansieringskoste, assessering en sertifisering. Studente het egter verskeie opsies wat betref betaling van studiegelde.
    - **Opsie 1a:** Eenmalige registrasie vir die Studieprogram met betaling van die volle bedrag teen registrasie. In hierdie geval geval ontvang die student R 1 975.00 korting en die bedrag betaalbaar is slegs R 17 775.00 teen registrasie.
    - **Opsie 1b:** Eenmalige registrasie vir die Studieprogram met afbetaling van die totale studiegelde. In hierdie geval is die bedrag wat betaalbaar is R19 755.00, sonder enige korting wat toegestaan word en betaalbaar as volg:
        - Deposito teen registrasie: R 5 925.00
        - Ses paaiemente van R 2 305 elk wat in aanvang neem 30 dae na betaling van deposito met vyf gelyke paaiemente van R 2 305.00 wat volg maandeliks daarna, met 'n maksimum betalingstermyn van ses maande.
    - **Opsie 1c:** Eenmalige registrasie vir die Studieprogram met afbetaling van die totale studiegelde. In hierdie geval is die bedrag wat betaalbaar is R18 768.00, met R 987.00 korting wat toegestaan word en betaalbaar as volg:
        - Deposito wat die koste van Teoretiese Modules dek teen registrasie: R 9 742.00
        - Twee paaiemente van R 5 067.00 & R 3 959.00 wat die koste van onderskeidelik die Praktykmodules en Beroepsmodules dek en wat in aanvang neem 30 dae na betaling van aanvanklike deposito (R 5 067.00) en 60 dae na deposito (R 3 959.00) met 'n maksimum betalingstermyn van drie maande.
- Vlak E Studieprogram is nie beskikbaar vir registrasie vir Bybelstudiedoeleindes, of as afsonderlike studie-eenhede nie.

Opmerking m.b.t Koste van Vlak E Studieprogram

Alle studiemateriaal word aan studente versend, en alle studiemateriaal word beskerm met sleutelwoorde wat deur student gebruik word om die studiemateriaal te ontsluit. As gevolg van die intensiteit van die studieprogram, word die studiemateriaal in fases aan studente gestuur. In die geval van studente wat afbetalingsopsies gebruik, word sleutelwoorde in fases beskikbaar gestel vir ontsluiting van studiemateriaal.

- **Herregistrasie in die geval van druip van modules**. 'n Persentasiepunt en simbool ooreenkomstig die evaluasiekriteria vir hierdie kursus word toegeken vir elke werkopdrag. Minder as 65% vir die werkopdragte impliseer dat 'n student die module druip en dit moet herhaal. Herregistrasie vir hierdie kursus is dan van toepassing en beteken dat 'n student by enige tweede of verdere registrasie 'n herregistrasiefooi van R 750.00 per module moet betaal, wat hoofsaaklik assesseringsfooi behels. Studente hoef egter nie weer die kursusgeld in hierdie geval te betaal nie.
- **Hernasien van Werkopdragte**. Waar studente 'n versoek vir hernasien van werkopdragte en/of eksamens aan die Instituut rig, is 'n fooi van R350.00 vir werkopdragte en R 700.00 vir eksamens betaalbaar voordat die werkopdrag of eksamenantwoordstel hernagesien kan word. Die goedkeuring van enige versoek om hernasien berus by die Dekaan.
- **Kansellasie van Studies.** Aansoek om kansellasie van vakeenhede, omruiling van vakeenhede en/of kansellasie van 'n studieprogram mag gedoen word binne twee weke na registrasie, op die voorwaarde dat geen studiemateriaal reeds versend of beskikbaar gestel is nie, en/of geen gebruikerskode en sleutelwoord verskaf is vir toegang tot die Studiesentrum nie.
    - In gevalle waar 'n versoek om kansellasie ontvang word binne twee weke na registrasie en na die studiemateriaal reeds versend is of nadat 'n gebruikerskode en sleutelwoord reeds toegestaan en versend is, sal geen kansellasie van registrasie of studies oorweeg word nie.
    - Omruiling van kursusse is nie van toepassing op hierdie kursus nie, omrede alle modules verpligtend is.
    - Indien 'n versoek om kansellasie van studies goedgekeur word waar die aansoek deur die student binne twee weke na registrasie gedoen is en geen studiemateriaal of toegang tot die Studiesentrum is reeds voorsien nie, sal 'n kansellasiefooi van 10% van die studiekoste gehef betaalbaar wees.
    - By ontvangs van 'n versoek om kansellasie van 'n student na die verstryking van twee weke na registrasie en nadat die studiemateriaal reeds beskikbaar gestel is aan die student deur die verskaffing van 'n aantekenkode en sleutelwoord, sal geen versoek om kansellasie oorweeg word nie en dit sal beskou word as 'n staking van studies. Geen fooie sal aan studente terugbetaal word in hierdie geval nie, ongeag die rede wat verskaf word.
    - Die oorweging van die aansoek om kansellasie/omruiling van kursusse en die goedkeuring daarvan berus by die Dekaan en sy besluit sal as finaal aanvaar word.
- **Staking van Studies.** Staking van modules en/of 'n studieprogram in geheel word nie aanvaar sonder koste nie. Staking van Studies word definieer as die kansellasie of staking van studies sonder skriftelike kennisgewing aan die Instituut, of waar die aansoek om kansellasie afgekeur is deur die Dekaan en student verkies steeds om sy/haar studieprogram te staak. In hierdie geval is geen stakingsfooi betaalbaar nie, maar studente ontvang geen korting by herregistrasie nie. Studente sal egter steeds verantwoordelik wees vir

uitstaande studierekeninge in die geval van staking van studies en geen terugbetalings word gemaak by staking van studies nie. Die staking van studies is ‘n ernstige aangeleentheid vir die Instituut en besluite m.b.t die staking van studies berus by die Dekaan en sal van geval tot geval en met inagneming van die omstandighede op meriete geneem word. Die besluit van die Dekaan sal as finaal aanvaar word.

- **Nie-voltooiing van studies**. Indien ‘n student nalaat om die studieprogram te voltooi binne die voorgeskrewe tyd en/of nie ten miste twee werkopdragte binne ‘n akademiese kwartaal indien nie, word dit gesien as staking van studies. Studente moet daarop let dat daar ‘n maksimum tydperk van 48 maande toegestaan word ter voltooiing van hierdie kwalifikasie.
- **Hereksamens.** In die geval van Vlak E Studieprogramme behou die Instituut die reg voor om aan 'n studente 'n hereksamen toe te staan. Hierdie besluit sal geneem word met inagneming van die spesifieke student se deelname en vordering met die kursusmateriaal, die evaluasie van werkopdragte, asook met inagneming van spesifieke omstandighede van die student. 'n Hereksamenfooi van R 750.00 sal betaalbaar wees en die besluit m.b.t hereksamen berus by die Dekaan. Die besluit van die Dekaan sal as finaal aanvaar word.

Die Vlak E Studieprogram het ten doel om teologiese en geestelike opvoeding, binne beroepsverband, aan soveel mense as moontlik beskikbaar te stel. Die manier waarop die kostestruktuur opgestel is, maak dit moontlik vir studente om erns te maak met hulle studies en op hierdie wyse voldoen ons aan bekosbaarheidsvereistes.

KRITERIA VIR SUKSESVOLLE VOLTOOIING VAN VLAK E STUDIEPROGRAM

Die werkopdragte en praktiese werk wat ingehandig en voltooi moet word deur studente sal deel uitmaak van ‘n finale kursuspunt. Die balans van die finale asseseringspunt word opgemaak uit die skriftelike eksamens in sekere modules, asook ‘n finale, eksterne skriftelike eksamen (FISA). 'n Finale slaagsyfer vir alle modules op hierdie vlak van Studie is 65%. Die kriteria wat toegepas word vir die slaag van vakeenhede is as volg:

Slaag	65% - 100%
Druip met begeleiding	Onder 65%
Kansellasie van Studieprogram	Slegs binne twee weke na registrasie en indien geen studiemateriaal of aantekenkode vir die Studiesentrum reeds voorsien is nie of soos goekgekeur deur Dekaan. Sien kansellasiebeleid hierbo.
Staking van Studieprogram	Onvoltooid, met koste

Indien ‘n student nie die studieprogram slaag soos voorgeskryf nie, sal daar ‘n ontwikkelingsessie skeduleer word ten einde die student behupsaam te wees en te assisteer met ‘n aksieplan wat kan lei tot die slaag van die studieprogram.

BET-EL BYBEL INSTITUUT

Dissipelskap deur Ontwikkeling

Indien u enige verdere navrae het, kontak ons gerus per E-Pos.



https://drive.google.com/file/d/1THrkYHOPijGAyZMdCLfJwyr92eaWQPN1/view?usp=share_link

https://drive.google.com/uc?export=download&id=1THrkYHOPijGAyZMdCLfJwyr92eaWQPN1